

15. Ekumenisiteit

15.1 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR EKUMENIESE AANGELEENTHEDE (Artt.71, 197, 225, 226)

A. Dr. F.R.P. de Bruyn stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit I.

C. Dr. A.G.S. Venter rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 *Sinode 1991* (Acta, 1991:153).

1.1.1 Om in te gaan op toekomstige verhoudinge met die GER en die Sinode te adviseer.

1.1.2. Om die vorm van kontak met ander ekumeniese liggame te ondersoek en die Sinode daaroor te adviseer.

1.1.3 Om alle sake wat nog voorkom onder die aandag van die Sinode te bring.

1.2 *Sinode 1994* (Acta, 1994:207)

Die Sinode dra dit aan die Deputate op om:

1.2.1 Met inagneming van die werk wat deur vorige Deputate gedoen is, verdere prinsipiële studie te doen oor die vorm van kontak met ander ekumeniese liggame (vgl. opdrag, Sinode 1991). In hierdie studie moet besondere aandag gegee word aan die prinsipiële uitgangspunte oor die begrippe kerk/gemeente, kerkvergadering, ekumeniese vergaderings en bewegings, eenheid van die kerk, verskeurdheid van die kerk, roeping tot eenheid en begrippe wat die Deputate noodsaaklik ag.

1.2.2 Die Sinode beklemtoon opnuut die ideaal van 'n volwaardige Ekumeniese Sinode en dra dit aan die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke op om dié saak op te neem met die kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan, met die oog op die realisering van hierdie ideaal.

1.2.3 Met die oog op die gehoorsame uitlewing van die ekumeniese roeping en die profetiese roeping dra die Sinode dit aan die te benoeme Deputate op om:

(1) Voort te gaan om met kerke wêreldwyd oor sake van gemeenskaplike belang (vgl. Deputaterapport oor OPC (Orthodox Presbyterian Church) ens.) kontak te maak.

(2) Voort te gaan om die Gereformeerde getuienis helder en duidelik in die Suid-Afrikaanse konteks te laat hoor volgens die riglyne soos neergelê deur Sinode 1991 (Acta 1991:269) en Sinode 1994 (Notule, artikel 127).

Besluit: Kennis geneem. In die opdrag ontbreek die kontak met IKGK (Handelinge 1994:207, pt.5.3.3).

2. Die Sinode neem kennis

2.1 Ekumenisiteit (kyk Opdrag 1.2.1):

2.1.1 Prinsipiële uitgangspunte

2.1.1.1 Oor "kerk/gemeente"

In Bybelse perspektief word die kerk in trinitariese perspektief beskryf as **volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees**. Die kerk rus in die uitverkiesing deur God, die verlossing deur Jesus Christus en die herskepping deur die Heilige Gees en is as sodanig 'n absoluut unieke gemeenskap op aarde (Acta 1982:548) (NGB, 27; HK, 21:54-55).

Die universele kerk van Christus bestaan van die begin van die wêreld af, is oor die hele wêreld versprei (NGB, 27) en kom tot openbaring in die plaaslike kerk (NGB, 28).

Die geloofseenheid van die kerk word in die Gereformeerde konfessie beskryf as 'n eenheid van hart en wil deur die krag van die geloof in een en dieselfde gees (NGB, 27) en geïdentifiseer met gehoorsaamheid aan die Woord van God en is daarom as die gelowige gemeenskap in Christus toetsbaar aan die drie kenmerke van die ware kerk (vgl. NGB, 29).

Die instituering van die plaaslike kerk is geleë in die instelling van die opsienersdienste (NGB, 30 en 31), waar Christus Hom van mense bedien om die sigbare gemeente van God in goeie orde te hou. Die Heilige Skrif en die Konfessie leer dat hierdie opsieners in 'n kerkraad saamkom om die gemeente te bedien. Die plaaslike kerk reik uit om mense tot die kerk by te voeg en die eenheid van die kerk van Christus te bevorder.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

2.1.1.2 Oor "kerkvergadering"

Die enigste kerkvergadering wat uitdruklik in ons konfessie bely word, is die kerkraad, aan wie opgedra is om die gelowiges (plaaslike kerk) gehoorsaam aan die Koning van die kerk te hou (NGB, 29). Verder leer die Skrif ook dat wanneer daar leerstellinge probleme ontstaan, kerke mekaar moet ondersteun deur middel van kerkvergadering (Hand 15); ons begryp immers "**saam** met al die gelowiges" hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Ef 3:18). Alle kerkvergaderings is diensbaar aan die plaaslike kerke sodat elke kerk aan die drie kenmerke van die ware kerk kan beantwoord (NGB, 29).

Kragtens NGB, 32 is dit noodsaaklik dat kerke wat met mekaar in leer, diens en tug een is, mekaar sal bystaan in die kerkregering in alles wat kan "dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou" (NGB, 32).

Besluit: Kennis geneem.

2.1.1.3 Oor "ekumeniese vergaderings en bewegings"

Die Nuwe Testament staan histories voor die verskynsel van verskeurdheid tussen kerke en spreek hom dus nie direk uit oor die moderne vroeë rondom ekumenisiteit nie (vgl. Acta 1967:391). Dit beteken egter nie dat die Nuwe Testament nie prinsipiële gegewens oor eenheid en ekumenisiteit bevat nie. Handeling 15 bevat belangrike indikasies hieroor. In hierdie gedeelte ontmoet afgevaardigdes uit Antiogië die gemeente van Jerusalem oor die vraag of die besnydenis nog noodsaaklik is vir Nuwe-Testamentiese gelowiges. Daar is dus gehandel oor die vraag na die betekenis van die Ou-Testamentiese verbondsteken en oor die vraag na die betekenis van die Wet vir die Nuwe-Testamentiese gelowiges, saamgevat: die vraag of die soenverdienste van Christus voldoende is of aanvulling benodig. *Dit is die enigste voorbeeld in die Nuwe Testament waar twee kerke uit verskillende lande (Antiogië in Sirië en Jerusalem in Palestina) mekaar in vergadering ontmoet om onder leiding van die Gees 'n besluit te neem.* As sodanig bevat dit 'n belangrike indikatie vir die ekumeniese beleving van die kerk - dus dat kerklike verhoudings en kerkregering oor nasionale grense heen strek.

Sinode 1970 het uitgespreek dat die eenheid van Gereformeerde Kerke gesien moet word "as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping" (Acta 1970:69) en dat 'n "volwaardige ekumeniese sinode" in lyn met art.29, KO onderhou behoort te word (Acta 1970:88; 1979:46). Hierdie vorm van ekumenisiteit kan ook as **hegte ekumene** omskryf word.

Hierteenoor is 'n "ekumeniese beweging" 'n "losser samevoeging" van kerkgemeenskappe (Acta 1970:88), waarby kerklike "aansluiting" uitgesluit is (Acta 1967:367) maar met wie "een of ander vorm van kontak" kragtens art.49, KO gewens is (Acta 1967:367; 1970:89). Hierdie vorm van ekumene kan ook as **losser ekumene** omskryf word.

Daar moet dus onderskei word tussen die roeping tot beleving van eenheid (van kerke wat een is in leer, diens en tug), wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit, wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot onderlinge ondersteuning (Acta 1967:366).

Besluit Kennis geneem.

2.1.1.4 Oor die "eenheid" van die kerk

In die Nuwe Testament blyk die eenheid van die kerk onder andere uit Joh 10:16, 17:21; 1 Kor 1:10-13; Ef 4:4-6. Die eenheid van die kerk as geloofsgemeenskap (vgl. Ef 4:13) kom sigbaar tot openbaring in onder andere die volgende: eenheid in onderlinge liefde (Fil 2:2; Kol 2:2), eenheid in wedersydse sustentasie (2 Kor 8), eenheid in attestering (Rom 16:1-2), eenheid in erediens en Nagmaalviering

(Gal 2:12) en eenheid in kerklike beraadslaging/vergadering (Hand 15).

Die **onsigbare** geloofseenheid word dus **sigbaar** in die konkrete bestaan van die kerk. Indien die wêreld nie iets van die liefdeseenheid van Christene onderling kan sien nie, sal die wêreld moeilik kan glo dat die Vader die Seun uit liefde na die wêreld gestuur het (Joh 17:20-23).

Met die "eenheid" van die kerk word nie "eendersheid" van plaaslike kerk bedoel nie. So mag daar liturgiese verskille tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele bestaan (vgl. KO, art.62), maar sonder dat dit die wesentlike eenheid versteur. Daar moet dus onderskeie word tussen sondige geskeidenheid en verantwoorde verskeidenheid (Acta 1964:197).

Besluit: Kennis geneem soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

2.1.1.5 Oor die "verskeurdheid/verdeeldheid" van die kerk

Vanweë die **sonde** het daar tussen gelowiges en kerke spanning, verwydering, afskeiding en afsnyding ontstaan as gevolg waarvan nuwe kerkgemeenskappe ontstaan het, wat hulle dikwels vanmekaar afgesluit het. Terwyl die Skrif hoogstens ruimte laat vir "partyskappe" in 'n gemeente (sodat dit bekend kan word wie die toets kan deurstaan - 1 Kor 11:19), het daar in die kerkgeskiedenis verdeeldheid **tussen** gemeentes ontstaan en het die eenheid in geloofsbelydenis en liefde, in sustentasie en attestasie, in liturgie en kerkregering verlore gegaan.

In die lig van die Nuwe-Testamentiese getuienis "is geskeidenheid van kerke as 'n sondige verskynsel" wat bestry moet word (Acta 1964:197; vgl. 1967:390, 415). "Tot die ergste misstande van ons tyd moet gereken word dat die kerke (soseer) vanmekaar geskeur is ..." (Calvyn aan Cranmer).

Besluit: Kennis geneem soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

2.1.1.6 Oor die "roeping tot eenheid tussen kerkverbande"

Indien toegegee word dat die verskeurdheid tussen kerke en kerkgemeenskappe sondaar is, dan volg daaruit dat ook hierdie sonde bestry moet word en dat kerke 'n roeping het "om dit wat uitmekaar hou broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband" (Acta 1958:70-80).

Omdat kerke in diens staan van die koms van die koninkryk van God (Matt 5:13-16), kan teenstrydige optrede van kerke die voortgang van die koninkryk in die weg staan. Gelowiges bely egter dat die Voleinding uiteindelik nie van mense- of kerkwerk afhanklik is nie maar deur God self bewerk word.

In die gesprek oor eenheid moet die volgende standpunte afgewys word (vgl. Acta 1958:78-80):

Kerklike **absolutisme** (die eie kerkformasie is die "alleenware kerk" - Acta 1967:365).

Die **pluriformiteitsleer** (die verskeurdheid van kerke is 'n feit om in te berus).

Kerklike **strukturnalisme** en unitarisme (waar eenheid ter wille van die strukturele eenheid nagestreef word en die belydenis nie ernstig geneem word nie).

Daar mag egter nie in die sondige verdeeldheid van kerke berus word nie maar die weg van kerklike **samesprekings** moet betree word (Calvyn).

In die verwerkliking van die roeping tot eenheid kan van verskillende metodes gebruik gemaak word (Acta 1964:198):

Die metode van **samespreking** (dialogiese metode): Afgevaardigdes van kerke vergader om gesprek te voer oor vroeë rondom hegte en lossere ekumene.

Die metode van **samewerking** (koöperatiewe metode): Verteenwoordigers van kerke kom byeen vir samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word.

Die Sinode kan ook **waarnemers** aanwys om ekumeniese vergaderings by te woon om inligting in te win, moontlike samewerkings en/of hegte ekumene te ondersoek en waar moontlik op grond van die Bybel, Belydenisskrifte en kerklike besluite te getuig en te oortuig.

In gevalle waar hierdie waarnemers van 'n gesamentlike openbare ekumeniese getuie nis verskil, behoort hierdie verskil ook openbaar gemaak te word.

Besluit: Kennis geneem soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

Alle optrede van sinodale deputate bly altyd onderhewig aan sinodale goed-/afkeuring.

2.2 *Volwaardige Ekumeniese Sinode (kyk Opdrag 1.2.2):*

Die Deputate vir Ekumeniese Aangeleenthede het toegesien dat die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke die opdrag uitvoer.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Uitlewing van ekumeniese roeping (kyk Opdrag 1.2.3). Kontak met kerke wêreldwyd:*

2.3.1 Reformed Church in Zaïre

Geen kontak kon met bogenoemde kerke bewerkstellig word nie. Bogenoemde kerke blyk ook nie te behoort tot die kerkverband van die L'EGLISE REFORMEE CONFESSANTE AU ZAÏRE (Confessing Reformed Church in Zaïre) nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 L'Eglise Reformee Confessante au Zaïre (Confessing Reformed Church in Zaïre)

2.3.2.1 Kontak is met CRCZ gemaak.

2.3.2.2 Opmerkings oor die CRCZ.

2.3.2.2.1 Opmerkings oor Lubumbashi (ver suid, 50 km van Zambiëgrens)

Drie sendelinge van die GKN (vrygemaak) is hier werksaam vir die L'Eglise Reformee Confessante au Zaïre (lrcz) (**Confessing Reformed Church in Zaïre**), naamlik G.J. Bruijn, H. Tenbrinke en W.F. Wisselink. Hulle is ook besig met predikante-opleiding (vgl. Guide D'Informations 1966).

Studente Banze (1996) asook Shimbi en Nsenga (1997) hoop om daarheen terug te keer.

2.3.2.2.2 Opmerkings oor Mbuji-Mayi (middel Zaïre)

Ds. K.M. Kabongo het einde 1994 soontoe teruggekeer. Hy het daar begin met 'n Bybelskool (Ecole Reformeé des Prédicateurs) waar evangeliste opgelei word. Dit is ongeveer 1000 km noord van Lubumbashi.

Student Beya keer DV einde 1999 terug na 'n plek sowat 300 km daarvandaan.

2.3.2.3 Algemene opmerkings

Daar bestaan tans blykbaar 'n hele aantal klein ongeorganiseerde gereformeerde gemeentetjies (eintlik meer preekpunte) in Zaïre.

Afgesien van die drie genoemde sendelinge is daar nog drie gereformeerde predikante (ds. Kabongo ingesluit) in Zaïre werksaam.

Sinodes vergader blykbaar een maal in drie jaar.

Die LRCZ het blykbaar noue bande met die GKN(V) (uit wie se ressort die drie genoemde sendelinge in Zaïre werksaam is).

2.3.2.4 Oor sustentasie aan die Kerke is 'n brief aan die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord gerig (kyk Bylae).

Besluit: Kennis geneem.

2.3.3 Die Orthodox Presbyterian Church (OPC)

2.3.3.1 Gesprek is met verteenwoordigers van die Kerke in 1994 in Nederland gevoer.

2.3.3.2 Meerdere inligting oor die Kerke is aangevra.

2.3.3.3 Tot op hede is nog niks ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.4 Die Vrye Gereformeerde Kerke in SA (VGKSA)

2.3.4.1 'n Uitnodiging na die Sinode van die VGKSA is opgevolg en bygewoon.

2.3.4.2 Gesprek is met die Kerke gevoer. Dit het in 'n baie aangename en broederlike gees plaasgevind. Die deputate van die VGKSA deel mee dat die VGKSA ook begin het om kontak met plaaslike Gereformeerde gemeentes en Klassisse te maak.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.5 Reformed Church in Botswana

2.3.5.1 Agtergrond

Die Gereformeerde Kerk D'Kar, twee gemeentes uit die sendingwerk van die Christeljk-Gereformeerde Kerk in Nederland en 'n gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Boesman en Tswanabevolking in Botswana het in 1993 besluit om as kerkverband saam te smelt om die "Reformed Churches in Botswana" te vorm. In 1995 het die kerke aansoek gedoen om korrespondensie met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan te gaan. Samesprekings met verteenwoordigers van die kerke is in Botswana deur dr. B.J. de Klerk en prof. J.M. Vorster gevoer en beskikbare dokumente is deur die Deputate in ontvangs geneem.

2.3.5.2 Bevindings

Die Belydenisgrondslag van die "Reformed Churches in Botswana" is die Drie Formuliere van Eenheid asook die ekumeniese Belydenisskrifte.

Die Kerkorde wat in die kerke gebruik word is gebaseer op die Dordtse Kerkorde. Veranderinge is aangebring om die plaaslike situasie van daardie kerke te pas. Sommige artikels van die Dordtse Kerkorde is verkort en ander is saamgevoeg maar dit is duidelik dat die kerkregtelike beginsels, soos uitgedruk in die gereformeerde Belydenis, daaraan onderliggend is.

Die liturgie wat in die kerke in swang is, weerspieël die basiese gereformeerde liturgiese beginsels maar is ook aangepas om die plaaslike situasie van die kerke en veral die besondere sendingomstandighede te dien. Soos in die jonger kerke van die GKSA word vrye liedere gesing. Die beginsel wat gehandhaaf word, is egter ook dat die liedere Skrifgetrou moet wees.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.6 Uitdra van Gereformeerde getuienis in SA konteks

2.3.6.1 'n Kort kritiese uiteensetting hoe die GKSA die kerk sien is aan SARK deurgegee.

2.3.6.2 Uitnodiging insake Nasionale Dankseggingdiens. Daarop is duidelik geantwoord.

2.3.6.3 'n Brief van N.J. Steenkamp van Naboomspruit. Daarop is geantwoord.

2.3.6.4 'n Gesamentlike verklaring oor die geweld in ons land voor die Algemene verkiesing in April 1994 is deur Deputate van die AGS, GKSA, NH Kerk van Afrika en NGK, uitgereik.

2.3.6.5 Oor Confessional Conferences for Reformed Unity.

Met die Steering Committee van genoemde instansie is in verbinding getree. Addisionele inligting oor hulle moet bekom word met die oog op eventuele verdere skakeling. Die Steering Committee is in kennis gestel van wat die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is. Daar is gepoog om afskrifte van lesings wat tydens die konferensie in Chicago van 13 tot 15 Julie 1994 oor

Egalitarisme gelewer is, vir die TSP-biblioteek te bekom. 'n Afskrif van die gedeelte oor die hermeneutiek is aan al die lede van die Deputate besorg.

2.3.6.6 International Reformed Fellowship

Uit die beskikbare gegewens blyk dat by 'n aantal gereformeerde kerkleiers 'n behoefte ontstaan het om 'n suiwere gereformeerde ekumeniese beweging te begin. Negatief word die Wêreldraad van Kerke afgewys, vanweë sy sinkretisme, eweneens die ICCC vanweë sy separatisme en so ook die GER vanweë sy dualisme (dubbele lidmaatskap). Niks word van die IKGSK gesê nie.

Positief word gesê dat gereformeerde kerke daarna moet streef om hulle eenheid te realiseer. Gereformeerdes moet oor 'n platform beskik vanwaar die gereformeerde getuienis oor die wêreld versprei kan word.

In die voorrede word gestel dat die grondslag van die IRF sal bestaan uit die Westminsterse Konfessie, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus.

Die doel van die beweging is om 'n geleentheid te skep vir Christelike opvoedkundiges om te ontmoet; om gereformeerde teologiese seminaries te ondersteun en op te rig; om predikante en sendelinge met goeie Bybelse teologie by te staan; om predikante en sendelinge van die nodige materiaal te voorsien vir hulle profetiese roeping in die samelewing; om gelowiges by te staan met die kweek van 'n ware Christelike lewenstyl; om kontak en gemeenskap tussen lidkerke te bewerkstellig en aan te moedig.

Primêre lidmaatskap is oop vir alle "denominasies", opvoedkundige inrigtings, Bybelkolleges, seminaries en sendingorganisasies wat die grondslag onderskryf en wat nie lede is van omstrede organisasies nie. Begeleidende lidmaatskap is oop vir individue wat deur die UK aanvaar is.

Die Konstitusie bevat verdere stipulasies oor amptenare, uitvoerende komitee, funksies van die amptenare, finansies, drie komitees, vergaderings, nominasies, kworum en veranderings aan besluite.

Oorwegings Pro

Dit blyk dat hierdie beweging hom op suiwer gereformeerde grondslag wil stel. Gereformeerde Belydenisskrifte word as grondslag aanvaar. Daar word uitdruklik verwys na die handhawing van die Skrifgesag.

Die IRF spreek 'n leemte aan wat in die gereformeerde ekumeniese wêreld ontstaan het.

Oorwegings Contra

Dit val op dat die Dordtse Leerreëls nie by die grondslag genoem word nie. Hierdie weglating hoef egter nie 'n onoorkomelike struikelblok te vorm nie, aangesien die uitverkiesingsleer duidelik in NGB, 16 en Westminsterse Konfessie, 3 bely word.

Dit val op dat die IRF nie 'n suiwer kerklike beweging is nie aangesien ook opvoedkundige inrigtings betrek word. Die IRF is dus 'n kruising tussen die GER en IAFCHE. Dit is 'n ope vraag of 'n beweging met so 'n gemengde karakter vrugbaar sal kan funksioneer. Uit die dokumentasie kan nie uitgemaak word wie tans lede is nie. Uit die naamlys blyk 'n Koreaanse oorgewig.

Die IRF motiveer nie sy bestaan ten opsigte van die IKGK nie. Te veel gereformeerde ekumeniese bewegings kan die bestaande verwarring vergroot.

Gevolgtrekking

Daar is tans nie genoeg materiaal beskikbaar om tot 'n weloorwoë standpuntinname te raak nie. Gevolglik moet oorweeg word om óf 'n waarnemer na die volgende vergadering te stuur óf om nog informasie aan te vra. Aangesien eersgenoemde metode by verre die vrugbaarste resultate lewer, word sodanige aanbeveling gemaak.

Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode besluit

3.1 Oor kontak met buitelandse kerkgemeenskappe:

3.1.1 Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om deurlopend kontak te maak met Gereformeerde buitelandse kerkgemeenskappe oor sake van dringende en gemeenskaplike belang kragtens KO, art.49.

3.1.2 Die Deputate maak 'n opname van kerke met wie bande in die afgelope tyd opgeskort is en poog om kontak met hulle te bewerkstellig.

3.1.3 Die skrywe van die Deputate Betrekkingen Buitelandse Kerke van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Vrijgemaakt) gedateer Desember 1996 word beantwoord.

3.1.4 Die Deputate kry opdrag om kontak te maak met die IKGK.

3.2 Oor kontak met ander ekumeniese en kerklike bewegings:

3.2.1 In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit nie net oor 'n gesprek oor hoe Kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie maar ook oor profetiese getuieis vir die waarheid en teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar 'n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word. Elke meerdere kerkvergadering kan vanself oordeel oor die wyse van ekumeniese kontak met ekumeniese instansies, bewegings en/of Kerkgemeenskappe met wie die GKSA nie in korrespondensie staan nie.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

3.2.2 Gesien die toenemende sekularisasie in die Suid-Afrikaanse samelewing word die profetiese roeping en taak van die kerke al hoe dringender. Die Deputate Ekumeniese Sake kry opdrag om hieraan ernstige aandag te gee en wel volgens die riglyne soos neergelê deur Sinode 1991 (Acta 1991:269):

(1) Oordeel in elke voorkomende geval of betrokkenheid by samesprekings tussen kerke sinvol is

(2) Laat die lig skyn binne die raamwerk van aanvaarde besluite van kerke binne die ressort van die Nasionale Sinode van die GKSA en op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die lig van die Gereformeerde getuienis (Joh 9:5; Matt 5:14) deur 'n duidelike Gereformeerde standpunt te stel.

Besluit: Goedgekeur.

3.2.3 Gesien in die lig van die feit dat die GKSA 'n onbegrensde ekumeniese roeping besit (Acta 1967:366), en die noodsaak van die profetiese roeping van die GKSA in Suid-Afrika baie groot is (Acta 1970:63, 64; 1976:476; 1982:548), is dit belangrik dat die GKSA (o.a. deur hierdie Deputate) insette en getuienis by o.a. die Raad van Kapelaansdienste, die Raad vir Godsdienstsuidings, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en soortgelyke organisasie sal lewer.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Oor versoek van die Reformed Churches in Botswana om engere korrespondensie met GKSA:*

Die versoek word toegestaan en engere korrespondensie met die RCB word aangeknoop.

Besluit: Vir die besluit van die Sinode oor hierdie saak vergelyk Beskrywingspunt Wes-Transvaal oor korrespondensie met die Reformed Churches in Botswana (15.2 hieronder).

3.4 *Oor die CRCZ:*

3.4.1 'n Aanbeveling oor enger korrespondensie kan tans nog nie gemaak word nie. Die opdrag van die Deputate moet gekontinueer word.

3.4.2 Die Sinode word versoek om vir een of twee Deputate te begroot ten einde 'n persoonlike besoek aan Zaïre af te lê.

3.4.3 Die Deputate verleen samewerking aan die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord ten einde die CRCZ finansieël te ondersteun.

Besluit: Vir die besluit van die Sinode oor hierdie saak vergelyk die Beskrywingspunt van Part. Sinode Wes-Transvaal oor kerklike hulp en ondersteuning aan kerke in Franssprekende Wes-Afrika (15.3 hieronder).

3.5 *Oor VGKSA:*

Die gesprek met VGKSA word voortgesit.

Besluit: Goedgekeur.

3.6 *International Reformed Fellowship:*

Stuur een of twee waarnemers na die IRF in Augustus 1997 te Seoul, Korea, om moontlike samewerkings te ondersoek.

Besluit: Goedgekeur.

3.7 *Oor OPC:*

Aanbeveling: Verdere inligting word ingewin en gesprek met die oog op samewerking word gevoer.

Besluit: Goedgekeur.

3.8 *Skakeling met International Reformed Fellowship*

'n Waarnemer word na die volgende vergadering IRF gestuur indien die Deputate fondse kan vind.

Besluit: Goedgekeur.

3.9 *Oor ander Kerke van Gereformeerde Belydenis:*

Aanbeveling: Die benoemde Deputate word versoek om kontak te maak met die volgende Kerke van Gereformeerde Belydenis te maak met die oog op ekumeniese gesprek:

Canadian Reformed Churches	Dr. J. Visscher, 5734-191A Street, Surrey, B C, Canada V3S 7M8
Evangelical Presbyterian Church of Ireland	Evangelical Bookshop, 15 College Sq., East, Belfast BT1 Church 6DD, Northern Ireland
Free Church of Central India	Rev. D. John, Free Church Premnagar, Jabalpur 482 001 MP, India
Free Church in Southern Africa	Rev. William D. Graham, Box 681, King William's Town 5600
Free Reformed Churches Australia	Mr. J.L. van Burgel, Box 191, Armadale 6112, Western of Australia
Free Reformed Churches of North America	Rev. C. Pronk, 10 Highgate Place, Brantford, Ont. Canada N3R 5V4
Gereja Gereja Reformasi di Indonesia	Rev. Jack J. Peterson, 5602 UTSA, Blvd, San Antonia, Texas 78249, USA
Presbyterian Church of Eastern Australia	Rev. W. Peter Gadsby, 9 Graiglea Close, Taree NSW 2430, Australia
Ref. Church in the United States	Rev. Norman C. Hoeflinger, 625, Judy Blvd, Harvey, NS 58341, USA
Reformed Presbyterian Church of Ireland	Rev. J.A.M. Stewart, 27 Portstewart RD, Portrush, Co Antrim, BT56 8EH, Northern Ireland
Associate Reformed Presbyterian	Rev. G.J. Syms, 6246 Bandy

Church

Reformed Presbyterian Church
of North America

Drive, Charlotte, NC 28277,
USA
Rev. R.A. Henning, 3711
Premier Drive, Columbus, IN
470203-9657, USA

Besluit: Goedgekeur.

3.10 *Oor English Reformed Church Randburg en Free Church of South Africa: King Willam's Town:*

Aanbeveling: Die benoemde Deputate voer gesprek met hierdie kerke/kerkverbande met die oog op moontlike kerkeenheid.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

15.2 BESKRYWINGSPUNT VAN PARTIKULIERE SINODE WES TRANSVAAL OOR ENGERE KORRESPONDENSIE MET DIE "REFORMED CHURCHES IN BOTSWANA" (Artt.75, 226)

A. Dr. B.J. de Klerk lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Ekumenisiteit I.

C. Dr. A.G.S. Venter rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT:

1. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika besluit om met die "Reformed Churches in Botswana" engere kerklike korrespondensie aan te gaan en nader die betrokke Kerke om sodanige korrespondensie aan te vra.

1.1 Motivering:

1.1.1 Eenheid in Belydenis en Kerkorde

Die "Reformed Churches in Botswana" erken die volkome gesag van die Skrif en hulle belydenis is die Drie Formuliere van Eenheid. Hulle Kerkregering is volgens die Dordtse Kerkorde, maar in verkorte vorm. Die vier afdelings van die Kerkorde, (ministries, assemblies, supervision of the doctrine, sacraments and ceremonies and church discipline) bly onveranderd, asook die beginsels en inhoud van die artikels. Ons sluit hierby die verklaring van die kerke by stigting, asook die "Ecclesiastical Law for the Reformed Churches in Botswana" as Bylaes in (Bylae 1 en 2).

1.1.2 Beweegredes vir die stigting van die Kerke:

Die bediening van die Woord aan die Boesmanmense in Botswana is deur drie kerkgemeenskappe waargeneem, nl. die Gereformeerde Kerke (voorheen Aranos, toe D'Kar en ander samewerkende kerke), die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika en die Christeljk Gereformeerde Kerken van Nederland. Hierdie werk is in verskillende dele van die sentrale en westelike deel van Botswana

gedoen. Omdat die Boesmanmense baie rondtrek, beweeg hulle van een kerkgemeenskap na die ander, wat vir hulle baie verwarrend is. Daarom was daar samesprekings tussen afgevaardigdes van die Christeljk Gereformeerde Kerken, die Verenigende Gereformeerde Kerk (voorheen die NG-Kerk in Afrika) en die Gereformeerde Kerk D'Kar. Daar was ook samewerking oor enkele jare tussen die kerkgemeenskappe. Hierdie samewerking het uitgeloop op 'n intensiewe werksessie oor die totstandkoming van 'n kerkverband vir hierdie lidmate. Prof. Koos Vorster het as adviseur opgetree en 'n konsep-kerkorde is opgestel.

Die moontlikheid was dat kerke onder die ressort van Klassis Nossob ressorteer, maar omdat die kerklike prosedure vir hierdie mense ingewikkeld is en die afstand en vervoerprobleme vir die Boesmanmense dit bykans onmoontlik maak om daarby in te skakel, is besluit om 'n eie kerkverband vir die kerke in die sentrale en westelike deel van Botswana te begin. Al die kerke het hierby ingestem en die Verenigende Gereformeerde Kerk (die NG Kerk in Afrika) was volkome bereid om die Presbiteriale kerkregeringstelsel te aanvaar. Daar is tans drie kerke in kerkverband: Ghanzi, D'Kar en New Xanagas. Daar is ses ander sendingposte, waarvan twee binnekort tot gemeentestigting sal oorgaan. Daar is 250 belydende lidmate op die verskillende plekke en 'n groot aantal gevorderde katkisanter. Daar is vyf predikante, drie aan gemeentes in Botswana verbonde en die ander twee sendelinge van die Christeljk Gereformeerde Kerken.

1.1.3 Christelike meelewing en onderlinge geloofsgemeenskap:

Weens die roeping van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan die stigting van gemeentes in Botswana met dieselfde Belydenis en Kerkorde, met dankbaarheid begroet word. Ons het 'n groot verantwoordelikheid ten opsigte van meelewing en die beoefening van onderlinge geloofsgemeenskap met hierdie lidmate op afgeleë plekke. Die gemeenskap van geloof tussen Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en in Botswana lê op dieselfde vlak as die onderlinge gemeenskap van gelowiges in dieselfde gemeente.

1.2 *Slot:*

Die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal spreek die hoop uit dat hierdie verbintenis aangegaan kan word in gehoorsaamheid aan die Koning van die Kerk, omdat sy liggaam tot eenheid gesmee is deur die Heilige Gees en ons die opdrag het om hierdie eenheid te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe en in liefde by die waarheid te bly.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee. Die woord engere word geskrap. Die uitvoering van hierdie saak

word verwys na die Deputate vir Korrespondensie Buitelandse Kerke.

15.3 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL OOR KERKLIKE HULP EN ONDERSTEUNING AAN KERKE IN FRANSSPREKENDE WES-AFRIKA (Artt.76, 225)

A. Br. E. Kayayan lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Ekumenisiteit I.

C. Dr. A.G.S. Venter rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT:

"Die Nasionale Sinode gee aan die benoemde Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke die volgende opdrag:

1. Om kerklike korrespondensie te ondersoek en die volgende Sinode daaroor te adviseer met die *Eglise Reformee Confessante au Zaïre en die Eglise Reformee Confessante Au Benin*.

2. Om intussen kerklike hulp en ondersteuning aan hierdie kerke en aan ander kerklike gemeenskappe in Kamaroen, Togo en Ivoorkus te gee."

1.1 *Motivering vir die eerste punt*

1.1.1 In Zaïre en Benin het daar reeds kerke ontstaan as gevolg van radio-uitsending, die stuur van Gereformeerde lektuur en besoeke van ds. A.R. Kayayan die afgelope 26 jaar. Hy het die werk onder toesig en met die ondersteuning van die Christian Reformed Church van die VSA gedoen. Die Belydenisskrifte van die ongeveer 200 kerke in Zaïre (klein gemeentes) en die 12 kerke in Benin is die Franse Gallica (wat hoofsaaklik deur Calvin opgestel en die voorloper van die NGB is), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Die Kerkorde stem in gees ooreen met die Dordtse Kerkorde en is 'n verkorting van die Kerkorde van die CRC. Hiervan is 'n afskrif in Frans beskikbaar.

1.1.2 Ds. Kayayan tree hierdie jaar af en sy intense kontak met hierdie kerkgemeenskappe sal heelwaarskynlik nie vanuit die VSA op dieselfde skaal voortgesit word nie. Die CRC het sy begroting vir Radio-uitsendings drasties gesny. Aan die ander kant het ons kontak met die kerke in Zaïre verstewig - deur studente wat reeds aan die ou HTS afgestudeer het en binnekort aan die TSP afstudeer. Die Here het daarmee aan ons besondere verantwoordelikhede teenoor die jong Gereformeerde Kerke in die lande gegee.

1.1.3 Omdat ons die genade van die Here aan Gereformeerdes in Afrika, asook die besondere probleme van Afrika verstaan en aan ons eie lyf ervaar, is dit ons roeping om jong Gereformeerde Kerke by te staan deur voorbidding en praktiese hulp. Dit geld die

genoemde kerke in Zaïre en Benin, maar ook die ander groepe genoem in punt twee.

2.1 *Motivering vir die tweede punt*

2.1.1 Dit blyk dat daar in Wes-Afrika, veral in die Franssprekende lande, 'n honger vir die suiwer Gereformeerde geloof is. Omdat ander kerkgroepe in daardie lande 'n teelaarde is vir sinkretisme (veral die vermenging van die Bybel met Afrika-voorvaderaanbidding), daarom is daar 'n groeiende getal gelowiges wat toeganklik is vir die Gereformeerde Belydenis met sy sola Scriptura, sola gratia, sola fide en soli Deo gloria.

2.1.2 Die kerkgroepe in Kamaroen, Togo en Ivoorkus is klein en baie afhanklik van positiewe leiding en daar is 'n groot nood aan leierskap-opleiding. Dit gaan dus nie maar om hulp en ondersteuning in formele sin van vestiging van kerklike korrespondensie nie, maar meer om basiese hulp in die vorm van hulp in kerkvestiging en lewende ekumeniese bande.

2.1.3 Die soort hulp wat gebied kan word in die vorming en ontwikkeling van korrespondensie, is om te bemoedig en advies en leiding te gee; om die nood aan kerke in die GKSA deur te gee; om teologiese materiaal te verskaf aan kleiner opleidingskole in die lande en, waar moontlik, afstandsonderrig te gee; om advies te gee ter bevordering van kerkstigting en die vorming van kerklike gemeenskap binne 'n land maar ook met Gereformeerdes in omliggende lande.

3. Hierby aangeheg (as verdere toeligting en beskikbaarstelling van kontakpersone) besonderhede wat ds. Kayayan en sy seun Eric ('n vyfde jaar teologiese student) verkry het met hulle besoek gedurende Junie/Julie 1996 aan genoemde lande (uitgesonderd Zaïre). Dit sluit byvoegsels in.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee met die wysiging dat die opdrag gegee word aan die Deputate vir Ekumeniese aangeleenthede.

15.4 RAPPORT DEPUTATE VIR GESPREK MET NG EN NH KERKE (Artt.42, 162, 234)

A. Dr. S.J. van der Walt stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit II.

C. Dr. S.J. van der Walt stel ds. Freek Swanepoel, Voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk, aan die vergadering voor.

D. Ds. Swanepoel spreek die Sinode toe en word deur dr. S.J. van der Walt bedank.

E. Ds. G.J. van Wyk rapporteer namens die Kommissie.

F. RAPPORT:

1. Opdrag

Die opdrag van die Deputate is soos volg in die Handeling van die Nasionale Sinode van 1994:174-175 verstaan:

1.1 Aangesien die drie Kerkegemeenskappe saam die Drie Formuliere van die Eenheid onderskryf, konstateer die Sinode opnuut die roeping om die eenheid en kerklike gemeenskap in Jesus Christus beter te beleef en te vergestalt.

1.2 In die lig van 3.1 dra die Sinode dit aan die te benoeme Deputate op om die onafgehandelde sake in die gesprek te hanteer.

1.3 Die Sinode dra dit aan sy Deputate vir Gesprek met die NG en NH Kerke op om die opdrag wat by die Sinode 1991 aan die Deputate vir Ekumeniese Sake gegee is, te hanteer vir sover dit die NG en NH Kerke raak. Die betrokke opdrag is die volgende:

1.3.1 Samesprekings tussen Kerke in Suid-Afrika word na die Deputate vir Ekumeniese Sake verwys met inagneming van die opdragte en werksaamhede van Deputate vir Gesprek met NG en NH Kerke.

1.3.2 Om in elke voorkomende geval te beoordeel of betrokkenheid by samesprekings tussen kerke sinvol is.

1.3.3 Om binne die raamwerk van aanvaarde besluite van kerke binne die ressort van die Nasionale Sinode van die GKSA en op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde die lig van die Gereformeerde getuienis te laat skyn (Joh 9:5; Matt 5:14).

1.4 Die Sinode gee aan die te benoeme Deputate die mandaat om op gepaste werkwyse dit wat die drie kerkegemeenskappe in gemeen het asook terreine van konkrete samewerking, beter te benut, sodat die gesamentlike kerklike getuienistaak op die wyse meer tot sy reg kan kom.

1.5 Die te benoeme Deputate gee alle besluite van die Sinode 1994 wat die verhouding met die NG en NH Kerke raak, aan die Kommissies vir gesprek van die twee Kerke deur.

1.6 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om van tyd tot tyd plaaslike kerke in te lig oor die huidige stand van en vordering met die gesprek.

1.7 Ter versterking van die roeping tot kerklike eenheid op breër basis en met groter betrokkenheid van die plaaslike kerke, besluit die Sinode:

1.7.1 Om elke Klassis te versoek om 'n Skakelpersoon te benoem om as skakel tussen die Deputate en plaaslike kerke te dien

1.7.2 Dat die Deputate tersaaklike aspekte van die samespreking en samewerking tussen die kerke aan alle Skakelpersone deurgee

1.7.3 Die Deputate ontvang inligting van die Skakeldeputate oor die verloop van aktiwiteite op plaaslike vlak, behandel die gegewens ook

met die ander kerke en adviseer die volgende Sinode oor die kontinuering van hierdie opdrag.

Besluit: Kennis geneem van die hele punt 1.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Vergaderings van die Deputate:

Die Deputate het tot met die opstel van hierdie Rapport vyf vergaderings gehou waartydens daar aan die uitvoering van die opdragte deur die Sinode 1994 aandag gegee is.

2.2 Die benoeming van Skakelpersone deur elke Klassis:

2.2.1 Op 8 Februarie 1994 is 'n brief aan elke Klassis gestuur waarin die besluit van die Nasionale Sinode 1994 (kyk 1.7 hierbo) deurgegee is.

2.2.2 Die eerste brief is met 'n brief in Maart 1995 opgevolg; daarin is Klassisse wat nog nie gereageer het nie, gevra om 'n Skakelpersoon te benoem. Tot en met Junie 1996 is daar van 21 Klassisse reaksie ontvang. Enkele Klassisse het geoordeel dat hulle nie Skakelpersone gaan benoem nie. In die tweede brief het die Deputate volgens opdrag ook 'n oorsig oor die stand en vordering van die gesprek gegee, asook riglyne oor die bevordering van samewerking tussen die NG en NH Kerke en die GKSA op plaaslike vlak.

2.2.3 'n Derde brief is op 5 September 1995 aan elke Klassis gestuur waarin daar verder oor die vordering van die gesprek tussen die drie Kerkgemeenskappe berig is. Bykomende riglyne vir samewerking en die gesamentlike getuienistaak op plaaslike vlak is ook gegee. Inligting oor plaaslike samewerking wat deur enkele Skakelpersone aan die Deputate deurgegee is, is in die brief weergegee.

2.2.4 Volgens die inligting wat die Deputate van enkele Skakelpersone ontvang het, blyk dit dat samewerking tussen die drie Afrikaanse kerke op plaaslike vlak die volgende behels: Samewerking ten opsigte van Geloftedagfeeste en die herdenking van die Hervorming; die gesamentlike aanpak van opheffingswerk soos 'n geletterdheidskool; koördineringskommissies met die oog op evangelisasiewerk, barmhartigheidswerk en skakeling met skole en plaaslike owerhede. Drie Klassisse het ook berig dat hulle die leiding geneem het om 'n byeenkoms van afgevaardigdes van die drie Afrikaanse kerke te reël om oor samewerking en die gesamentlike getuienistaak te besin. In die Boland bestaan die Wes-Kaapse Raad vir Kerklike Samewerking. Die doel van die Raad is samewerking in gemeenskaplike sake, om 'n gesamentlike Christelike getuienis te laat hoor en om interkerklike inligting aan mekaar mee te deel.

2.3 Die deurgae van inligting aan plaaslike kerke:

2.3.1 In 'n brief van 6 September 1995 aan Kerkrade het die Deputate breedvoerig inligting gegee oor die stand en vordering van

die gesprek op die Tussenkerklike Kommissie (TKK) en die bilaterale gesprekke met die NH en NG Kerke.

2.3.2 Die Deputate het geoordeel dat die inligting wat aan die Skakelpersone van die Klassisse gestuur is, eweneens inligting aan die plaaslike kerke was.

2.4 *Werkzaamhede van die Tussenkerklike Kommissie (TKK):*

2.4.1 Die TKK het in 1994 twee maal en in 1995 een maal vergader en sal DV in November 1996 weer vergader. Tydens die vergaderings is verskeie gesprekspunte behandel; daarvoor word vervolgens gerapporteer.

2.4.2 Strukturele eenwording: Die TKK het reeds in 1992 besluit dat die saak van strukturele eenwording dringende aandag moet geniet. Die motivering daarvoor is dat daar verskille oor eenheid en eenwording bestaan, oor hoe dit bereik moet word en oor hoe die verskille wat duidelik geword het, geëvalueer moet word. In 'n verslag voor die TKK word aandag gegee aan noodsaaklike voorvereistes van strukturele eenwording, 'n evaluering van die huidige stand van sake en aan riglyne oor konstruktiewe samewerking. Die TKK het dit aan 'n Subkommissie opgedra om aan 'n moontlike konsep-kerkorde te werk. Ons gesamentlike konfessie, Reformatoriese kerkregtelike agtergrond asook die reeds geïdentifiseerde verskille behoort nie net as rigtingwysers te dien nie, maar ook verder konstruktief en gesamentlik fyner deurdink te word. Op so 'n wyse kan struikelblokke intensief onder oog geneem word en moontlik op die weg van groter eenheid in kerkregering en strukturele eenwording gevorder word.

2.4.3 Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikels 27-32: Die TKK het in 1993 'n Subkommissie aangewys om 'n gesamentlike Memorandum oor die verklaring en implementering van artikels 27-32 van die NGB op te stel. 'n Memorandum het voor die TKK van September 1994 gediën. Na bespreking en meningsverskil is dit na 'n nuwe Subkommissie verwys om 'n vorderingsverslag voor te berei. Die Subkommissie gee ook aandag aan die funksionering en gesag van die Belydenis in elke Kerkgemeenskap.

2.4.4 Evaluering van die gesprek: In opdrag van die TKK het die drie Kerkgemeenskappe elk 'n Memorandum oor die evaluering van die positiewe vordering in die gesprek opgestel. Op grond van al drie Memoranda blyk dat in die gesprek groter begrip vir mekaar se standpunte verkry kon word en dat die gesprek oor wedersydse begrip vir bepaalde praktyke en probleme in die onderskeie Kerkgemeenskappe kon bevorder. In die loop van die gesprek het kerkisme plek gemaak vir 'n openhartige, saaklike en konstruktiewe benadering. 'n Hele aantal verskille in Skrifbeskouing en kerkbegrip is deur die gesprek oor baie jare geïdentifiseer. Die aanvaarding van mekaar se goeie trou en die erns by die beleving van die eenheid het

die geleentheid geskep om steeds openhartig oor die verskille te praat. Die positiewe resultate wat reeds deur die gesprek bereik is, beklemtoon die noodsaak en roeping om met volgehoue dringendheid en erns die gesprek voort te sit.

2.4.5 Konkrete samewerking: Die TKK het die volgende terreine van samewerking tussen die drie Kerkgemeenskappe aanbeveel: Dat die onderskeie Kerkgemeenskappe mekaar oor en weer uitnooi om 'n ampsdraer(s) af te vaardig om meerdere kerklike vergaderings (bv. Klassisse, Part.- en Nasionale Sinodes) met spreekreg by te woon; dat die Kerkgemeenskappe gesamentlike navorsing en studie onderneem met die oog op die getuienis in die samelewing en teenoor die owerheid; dat teologiese fakulteite en skole navorsingsprogramme gesamentlik onderneem en studieresultate uitruil.

2.4.6 Die rol wat historiese faktore speel: Memoranda van al drie Kerkgemeenskappe is opgestel oor die historiese faktore wat in die ontstaan van die drie Kerkgemeenskappe 'n rol gespeel het en wat vandag nog 'n rol in die onderlinge verhoudinge mag speel.

2.4.7 Die deurgee van inligting: Tydens elke TKK-vergadering is daar geleentheid om inligting wat die verhouding tussen die Kerkgemeenskappe raak, aan mekaar deur te gee. Die Deputate het ook alle besluite van Sinode 1994 van die GKSA aan die ander twee gespreksgenote deurgegee, asook eksemplare van die Handeling van die Nasionale Sinode van 1994. Daar bestaan ook 'n reëling dat die afgevaardigdes van al drie kerke mekaar se kerklike tydskrifte ontvang.

2.4.8 'n Konvent van Reformatoriese Kerke: Die Nasionale Sinode van 1994 het aan die Deputate die mandaat gegee om op 'n gepaste wyse die terreine van samewerking wat die drie Kerkgemeenskappe in gemeen het, beter te benut, sodat die gesamentlike getuienistaak meer tot sy reg kan kom. Die Deputate het na deeglike besinning tot die oortuiging gekom dat 'n Konvent van Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika oorweeg behoort te word. Dit kan naas die roeping om teenoor mekaar te getuig ook 'n ander wyse van eenheidsbeleving wees. Die gedagte aan so 'n samekoms is vir die TKK nie 'n vreemde gedagte nie, aangesien dit in die verlede telkens as 'n behoefte aangedui is. Die Deputate is van oordeel dat die jarelange tussenkerklike gesprek juis die klimaat vir sodanige samekoms geskep het. Die Deputate het die daarstelling van 'n konvent tydens bilaterale gesprekke gemotiveer en 'n gesamentlike Kommissie van die drie Kerkgemeenskappe het 'n werksdokument vir die TKK voorberei (vgl. 3.2).

2.5 *Bilaterale gesprekke met die NG Kerk:*

2.5.1 Twee bilaterale gesprekke kon in 1995 gehou word en 'n derde gesprek word DV in die tweede helfte van 1996 gehou.

2.5.2 Die gesprek oor Christus in die Ou Testament na aanleiding van Lukas 24:27 is voortgesit. Die Deputate het kritiek gelewer op 'n stuk wat deur 'n teologiese professor van die NGK opgestel is, maar met 'n volgende vergadering het die NGK dit gestel dat die standpunt in die betrokke stuk nie die amptelike standpunt van die NGK is nie. Die Deputate is ingelig oor die besluit van die Algemene Sinode van 1986 oor Skrifgesag en Skrifgebruik. Die Algemene Sinode van 1994 het ook 'n studie oor Christus in die Ou Testament onderneem en daar is besluit dat die neerslag van die studie weer later bespreek sal word.

2.5.3 'n Omvangryke en deeglike kritiese analise van die praktiese funksionering van die NGK en die GKSA is tydens die bilaterale gesprekke bespreek. In die analise word die ooreenkomste en verskille in die funksionering van die twee Kerke naas mekaar geplaas en gepoog om verkennend aan te dui hoe verder in die gesprek tot eenheid beweeg moet word. Alhoewel die gesprek op hierdie punt steeds voortgaan, is die volgende besluit geneem: "Hierdie verslag bevestig die bevindinge wat vroeër gemaak is met die studie oor die teoretiese verskilpunte rakende kerkregtelike sake. Die vergadering aanvaar dat hierdie verslag 'n getroue weergawe van kerkregtelike verskille is en konstateer dat juis hierdie verskille strukturele eenwording nie moontlik maak nie. Daarom moet saam besin word oor 'n ander vorm van eenheidsbeleving. Hierdie verslag moet na die Sinodes verwys word vir kommentaar of advies". Die Deputate het dit duidelik gestel dat die gesprek tussen die Kerke steeds moet voortgaan met die ideaal dat die kerke met dieselfde Belydenis tot eenheid moet kom, maar dat ander vorme van eenheidsbeleving ook ondersoek moet word.

2.5.4 Die gesamentlike getuienistaak van die Kerke in 'n veranderde staatkundige bedeling is bespreek. Die Kerke het saamgestem dat die gesamentlike getuienistaak 'n staande agendapunt moet wees. In die geval van ad hoc-sake van spoedeisende aard moet enige van die gespreksgenote 'n vergadering kan oproep en die Interimkomitee van die TKK moet oordeel of dit 'n buitengewone vergadering van die TKK noodsaak.

2.5.5 Tydens die bilaterale gesprekke is daar ook gefokus op die persepsies wat die GKSA en die NGK van mekaar het, asook op bepaalde historiese faktore wat vandag nog 'n rol in die onderlinge verhoudinge speel.

2.6 *Bilaterale gesprekke met die NH Kerk van Afrika (NHKA):*

2.6.1 In 1994 is een bilaterale gesprek gehou en in 1995 twee. 'n Vierde bilaterale gesprek word DV in die tweede helfte van 1996 gehou.

2.6.2 Die gesprek oor die sogenaamde "Capita Doctrinae" is voortgesit. Die standpunt van die Deputate is dat die uitdrukking "Capita Doctrinae" nie mag sien op die reduksie van die Belydenis nie en dat daar ten opsigte van die Gereformeerde Belydenisskrifte nie onderskei word tussen hoofsaak en middelmatige sake nie. Vir die doeleindes van die gesprek oor kerkeenheid tussen kerkgemeenskappe van Gereformeerde Belydenis is wedersydse instemming met die volle leer noodsaaklik. Vanuit hierdie onderwerp het die fokus verskuif na die belangrikheid, funksionering en hermeneutiek van die Belydenisskrifte veral met betrekking tot die beweegruimte van die teologiese vakwetenskaplike beoefening. Beide kerke het hieroor stellings geformuleer. In die lig daarvan dat die TKK tans aan die gesag en funksionering van die Belydenisskrifte aandag gee, is besluit dat die onderwerp voorlopig op bilaterale gesprek afgesluit word. 'n Kommissie werk egter aan 'n samevatting en riglyne vir 'n voortgaande gesprek.

2.6.3 'n Indringende gesprek aan die hand van Memoranda en Kernstellings is oor die kerklike etos gevoer. Uit die stukke en die besprekings het dit geblyk dat die GKSA en NHKA met kerklike etos nie dieselfde bedoel nie. Die Deputate het geoordeel dat kerklike etos in hoofsaak handel oor middelmatige sake ten opsigte van kerklike gedragpatrone en kultuur. Die Kommissie van die NHK het kerklike etos meer in die konteks gesien van die ruimte wat vir wetenskaplike arbeid gegee moet word sodat bepaalde teologiese beskouings getoets en bespreek mag word, aangesien die kerklike etos ten nouste saamhang met die teologiese oortuigings wat binne 'n bepaalde kerk leef. Die gesprek het later in sy fokus verskuif na hoe beide Kerke 'n spektrum van teologiese beskouings huisves en watter vryheid daar vir die beoefening van die teologiese vakwetenskap bestaan. Tans werk 'n Subkommissie aan 'n stuk oor hoe die verskeidenheid in kerklike etos die eenheid van die kerk raak.

2.6.4 Ander sake wat aandag geniet het, was die rol van historiese faktore, die gesamentlike getuienistaak en die werkswyse van die TKK.

2.7 *Besluite deur die Algemene Sinode van die NGK en die Algemene Kerkvergadering van die NHKA:*

Hieroor sal in die Aanvullende Rapport gerapporteer word.

Besluit: Met dank kennis geneem van punte 2.1 tot 2.7.

2.8 *Gesprekke met die Afrikaanse Protestantse Kerk:*

2.8.1 'n Versoek van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) om 'n gesprek te voer oor die onderlinge verhoudinge tussen die APK en die GKSA het voor die Nasionale Sinode van 1994 gedien. Die

Sinode 1994 het dit aan hierdie Deputate opgedra om met die APK gesprek te voer (vgl. Acta 1994:166).

2.8.2 In 1994 het die Deputate die Sentrale Kerkekommissie van die APK twee maal en in 1995 twee maal ontmoet. 'n Vyfde gesprek sal DV in die tweede helfte van 1996 plaasvind.

Besluit: Met dank kennis geneem van punte 2.8.1 en 2.8.2.

2.8.3 Tydens die eerste gesprek is besluit om 'n duidelike doel vir die gesprek en met die oog op voortgesette skakeling in die toekoms te formuleer. Daar is op die volgende riglyne ooreengekom:

2.8.3.1 Die vertrekpunt in die gesprek moet die eenheid in Christus wees, waarmee nie gesê word dat die aanvaarding van 'n doelwit van uiteindelijke strukturele eenheid 'n voorvereiste vir die gespreksvoering is nie.

2.8.3.2 'n Kerklike gesprek moet op 'n teologiese wyse gevoer word.

2.8.3.3 Die gedagtewisseling moet die waarheid, soos dit in Gods Woord gevind word, en soos belig deur die Gereformeerde Belydenisskrifte, dien. Die volgende onderwerpe behoort in voortgesette gesprekke aandag te kry: kerkbegrip, vertolking van die Skrif, kerkregeringstelsel.

2.8.3.4 Naas die gesprek op teologiese vlak, moet die onderlinge verhoudinge tussen plaaslike kerke ook aandag kry.

2.8.3.5 Die gespreksgenote moet soos broers van mekaar oor essensiële sake verskil, indien nodig. Deurentyd moet aan die eenheid in Christus gebou word.

Besluit: Punte 2.8.3.1 tot 2.8.3.5 word goedgekeur.

2.8.4 Verskeie publikasies van beide kerke is uitgeruil en daar is ook besluit dat die gespreksgenote die kerklike tydskrifte van beide kerke sal ontvang.

2.8.5 Daar is ooreengekom dat kommentaar oor die publikasies gelewer sal word. Die Deputate het met hulle kommentaar gefokus op die Kerkorde van die AP-Kerk en op die publikasies "Ontmoet die APK" en "Skriflig op Kerk en Volk".

Besluit: Kennis geneem van punte 2.8.4 tot 2.8.5.

2.8.6 Die gesprekke het in 'n broederlike gees plaasgevind en die wedersydse standpuntstelling was indringend en openhartig. Tot dusver is hoofsaaklik gekonsentreer op KO, art.3 van die APK wat die lidmaatskap van die Kerk reël. Artikel van die KO van die AP-Kerk lui soos volg:

“Artikel 3 : Kerk en Lidmaatskap

3.1 Kerk van Christus is die vrug van die werk van die Drie-enige God onder die Koningskap van Christus.

3.2 Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom 10:9-10), wat die belydenis, leer en hierdie Artikel in die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband

onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

3.3 Die Here leer ons in Gen 11, Deut 32:8, Hand 2:8, Hand 17:26, OP 7:9, Op 21:24 en 26, Op 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Die AP-Kerk(e) wil elk 'n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner Boerevolk naas andere volkere, van watter kultuur hulle ook mag wees."

Besluit: Die Sinode neem met dank kennis dat die gesprek tussen die Deputate (GKSA) en die Sentrale Kerkekommissie van die AP-Kerk in 'n broederlike gees plaasgevind het en dat dit indringend en openhartig was.

3. Sake waaroor die Sinode moet oordeel

3.1 *Die noodsaak en werkswyse van die TKK:*

3.1.1 Die Sinode herbevestig die roeping om die eenheid en kerklike gemeenskap in Jesus Christus beter te beleef en te vergestalt, aangesien die drie Kerkgemeenskappe die Drie Formuliere van Eenheid onderskryf.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Naas die roeping tot kerklike eenheid beklemtoon die Sinode die noodsaak om dit wat die drie Kerkgemeenskappe in gemeen het asook terreine van konkrete samewerking, beter te benut, sodat die gesamentlike kerklike getuienistaak meer tot sy reg kan kom.

3.1.3 Die Deputate het die afgelope termyn iets van 'n frustasie beleef in dié sin dat sekere onafgehandelde sake steeds nie tot 'n sinvolle afronding kon kom nie (vgl. 2.4.3 hierbo).

Dit wil voorkom dat aspekte van praktiese samewerking beklemtoon word ten koste van die roeping om met wesenlike verskille erns te maak.

3.1.4 Die Deputate is van oordeel dat beide die gesprek tot kerklike eenheid en die gesamentlike getuienistaak en samewerking in toekomstige skakeling steeds tot sy volle reg moet kom. Die werkswyse van die TKK moet daarvoor voorsiening maak. Die Deputate is tans besig om die verloop van die gesprek sedert 1958 indringend te analiseer om 'n lys van sake te identifiseer waaraan die TKK met toekomstige gesprekke aandag behoort te gee. In die Aanvullende Rapport sal hieroor gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.1.2 tot 3.1.4.

3.1.5 (Punt 3.1.5 is tydens die Sinode ingevoeg - Deputate Handeling)

3.1.5.1 Die Sinode neem met waardering kennis van die toegewyde werk wat deur die Deputate verrig is. Die Sinode spreek die bede uit dat verdere vordering op die pad na geloofseenheid wat ook in een kerkverband tot uitdrukking behoort te kom, op grond van die Bybel

as die onfeilbare Woord van God en die Belydenisskrifte, gemaak sal word.

3.1.5.2 Die Sinode is dankbaar dat gesprekke met die genoemde twee kerkgemeenskappe in 'n broederlike gees plaasgevind het. Die Sinode beskou die beoogde Konvent van Reformatoriese Kerke as 'n deurbraak. Mag hierdie Konvent die geloofsgemeenskap tussen die genoemde kerkgemeenskappe dien.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Die Konvent van Reformatoriese Kerke:*

In 2.4.8 is die aanloop tot die daarstelling van 'n Konvent van Reformatoriese Kerke gemotiveer. 'n Gesamentlike werksdokument van die drie Kerkgemeenskappe oor die Konvent word onder hierdie punt vir die oordeel van die Sinode voorgehou. Aangesien daar by die TKK steeds besinning oor die saak is, word die Sinode versoek om hom slegs met die strekking van die werksdokument te vereenselwig.

3.2.1 Voorstel: Die voorstel is tweeledig van aard:

3.2.1.1 Dat die drie Afrikaanse Kerkgemeenskappe (wat in die TKK saamkom) die inisiatief neem om Reformatoriese Kerkgemeenskappe volgens 'n ge-ordende wyse gereeld in 'n vergadering te laat saamkom waar gesamentlike en gemeenskaplike belange ten opsigte van kerkwees in Suid-Afrika asook die gesamentlike profetiese roeping ten opsigte van die owerheid en die samelewing hanteer kan word.

3.2.1.2 Dat die kerklike gesprek in die TKK nie hiermee vervang word nie, maar dat die gesprek in die TKK voortduur volgens die aard en doel van die TKK.

Die verdere fokus van hierdie werksdokument val op die eerste deel van die voorstel wat tegelyk beskou moet word as 'n vrug van die Tussenkerklike Gesprek oor jare.

3.2.2 Motivering:

* Die wesensaard en eienskappe van die kerk van Jesus Christus stel ons as Kerke met dieselfde belydenis voor die roeping om ons geloof en ons belydenis in harmonie met mekaar in die wêreld te betuig.

* Die resultaat van die jarelange kerklike gesprek tussen ons laat blyk dat sigbare, strukturele eenheid klaarblyklik nie binne die afsienbare toekoms haalbaar is nie. Hierdie konklusie word gegrond op die verskille wat reeds geïdentifiseer is, en wat insgelyks saamhang met die eie kerklike tradisievorming en etos.

* 'n Gereelde samekoms van afgevaardigdes van Reformatoriese Kerkgemeenskappe kan samesprekinge en samewerking tussen Kerke met dieselfde Reformatoriese Belydenis in dieselfde samelewing kerkregtelik anker en gestalte gee.

3.2.3 Kerkregtelike konkretisering - ter oorweging:

3.2.3.1 Die naam

'n Suid-Afrikaanse Forum/Konvent van Reformatoriese Kerke.

3.2.3.2 Die doel

Om in harmonie met mekaar uitvoering en gestalte te gee aan ons gemeenskaplike geloof en Reformatoriese Belydenis:

- * ten opsigte van gesamentlike belange, raakpunte en samewerkingsvlakke in die samelewing;
- * ten opsigte van onderlinge ondersteuning en bystand waar dit nodig is;
- * ten opsigte van gesamentlike getuienis as 'n profetiese roeping teenoor die owerheid en samelewing.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.2 tot 3.2.3.2.

3.2.3.3 Deelnemende kerke

Deelname aan die Konvent geskied op uitnodiging aan alle kerke in Suid-Afrika met 'n Reformatoriese belydenisgrondslag, wat een of meer van die volgende Belydenisskrifte onderskryf en handhaaf: Galliese Konfessie, Belgiese Konfessie, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls, Westminster Konfessie, Eerste Skotse Konfessie, Tweede Skotse Konfessie, Tweede Helvetiese Konfessie, Nege en dertig artikels.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

3.2.3.4 Samestelling, administrasie en werkswyse

- * Elke Kerkgemeenskap bepaal sy wyse van afvaardiging, en die aantal afgevaardigdes word op 'n maksimumtal van 15 vasgestel;
- * Die vergadering vind minstens jaarliks plaas;
- * Die vergadering stel van jaar tot jaar 'n Interimkomitee saam wat die noodsaaklike administrasie en koördinerende behartig. Die Interimkomitee bestaan uit een lid van elke deelnemende Kerkgemeenskap.
- * Die TKK benoem 'n Kommissie om - indien die voorstel in beginsel aanvaar word - die fynere besonderhede met betrekking tot die werkswyse en finansiële implikasies te bepaal en om voorstelle met die oog op die eerste Forum/Konvent uit te werk.

3.2.3.5 Aard en bevoegdheid

- * Die Forum/Konvent verskil van 'n gewone kerklike meerdere vergadering. Dit het hoofsaaklik 'n getuende karakter, en is 'n eiesoortige vergadering van kerke wat tog wesenlike sake en belange met mekaar in gemeen het.
- * Die besluit van die Forum/Konvent dra die karakter van 'n Reformatoriese getuienis in die naam van die vergadering self, en is nie bindend ten opsigte van die deelnemende Kerke wat afvaardig nie.
- * Die besluite met betrekking tot die doel van die vergadering moet met konsensus geneem word, en die getuiskrag daarvan is afhanklik van die begroning in die Skrif en Konfessie.

* Die vergadering skep nie sy eie agenda nie, maar is daarvoor van die voorstelle, beskrywingspunte en versoeke van die deelnemende kerke afhanklik.

Besluit: Van pte.3.2.3.4 en 3.2.3.5 word kennis geneem.

3.3 *Skakeling met Klassisse en plaaslike samewerking:*

3.3.1 Die Sinode beklemtoon die roeping van plaaslike kerke om die gemeenskap van die gelowiges in breër verband daadwerklik uit te leef, asook die noodsaak dat Klassisse en Kerkrade ingelig moet wees oor die verloop van die gesprek tussen die drie Kerkgemeenskappe.

3.3.2 Alhoewel die benoeming van Skakelpersone deur die Klassisse nog nie ten volle gerealiseer het nie, moet die skakeling tussen die Deputate en die Klassisse, asook die skakeling met die Kerkrade, voortgesit word.

3.3.3 Daadwerklike samewerking van plaaslike kerke op plaaslike en streeksvlak op terreine waar gemeenskaplike sake hulle aandien moet aangemoedig word met dien verstande dat dit nie 'n TKK-gesprek oor kerklike eenheid sal wees nie. So 'n gesprek behoort tuis by die Deputate van die Nasionale Sinode, aangesien dit 'n saak is wat alle kerke gemeenskaplik raak. Die Deputate is by plaaslike samewerking alleen betrokke in soverre dit hulle opdrag raak.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.3.1 tot 3.3.3.

3.4 *Verslag oor praktiese funksionering:*

In 2.5.3 is verslag gelewer oor die verslag rakende die praktiese funksionering van die NGK en die GKSA. Die dokument word as ongepubliseerde Bylae vir die oordeel van die Sinode voorgehou, asook die besluit waarna in 2.5.3 verwys word.

Besluit: Kennis geneem.

3.5 *Hantering van gesamentlike getuienis op ad hoc-basis:*

Die Nasionale Sinode van 1994 het dit aan die Deputate opgedra om saam met die ander twee Kerkgemeenskappe die lig van die Gereformeerde getuienis te laat skyn oor bepaalde ad hoc-sake (vgl. 1.3 hierbo). Om hieraan uitvoering te gee het die Deputate die reëling getref dat die drie Kerkgemeenskappe mekaar kan skakel met die oog op so 'n gesamentlike getuienis en dat die Interimkomitee van die TKK kan oordeel of dit 'n spesiale vergadering van die TKK regverdig.

Besluit: Kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode moet besluit

4.1 Die Sinode benoem weer eens Deputate met die volgende opdragte:

4.1.1 Sit die gesprek oor kerklike eenheid in lyn met die opdragte en besluite sedert Sinode 1958 voort. Vergelyk ongepubliseerde Bylae

1: 'n Kritiese analise van die praktiese funksionering van die NGK en GKSA. Vergelyk punte 2.5.3 en 3.4 van hierdie Rapport. Ongepubliseerde Bylae 2: Gespreksdokument Deputate GKSA, November 1996: Die TKK op pad na 2000.

Besluit: Goedgekeur.

4.1.2 Benut op gepaste werkswyse dit wat die drie Kerkgemeenskappe in gemeen het en identifiseer terreine van konkrete samewerking.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

4.1.3 Laat skyn die lig van die Gereformeerde getuienis saam met die ander twee Kerkgemeenskappe.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling).

4.1.4 Gaan binne die besluite van die TKK hierby voort met die totstandkoming van 'n Konvent van Reformatoriese Kerke in die RSA, aangesien die Sinode hom met die daarstelling van sodanige Konvent in beginsel vereenselwig

Besluit: Goedgekeur.

4.1.5

4.1.5.1 Gee inligting oor die verloop van die gesprek op die TKK en oor plaaslike samewerking so gereeld moontlik aan die skakeldeputate of deputate Korrespondensie van die Klassisse en aan die kerkrade deur.

4.1.5.2 Beklemtoon die dringende noodsaak van gesprek, meelewing, samewerking met en voorbidding vir mekaar.

Besluit: Goedgekeur.

4.1.6 Naam deputate: Dat die naam van die Deputate word verander na Deputate vir Gesprek met Binnelandse Kerke (NG, NH en AP-Kerke).

Besluit: Goedgekeur.

4.2 *Die begroting vir die volgende drie jaar:*

Ontvangs van die NGK te Potchefstroom	-	R1 200.00
Ontvangs van die NHKA te Potchefstroom	-	R1 200.00
Ontvangs van die APK te Potchefstroom	-	R1 200.00
Intekening op <i>Die Kerkblad</i> vir 24 persone-		R4 200.00
Drukwerk en duplisering	-	<u>R 600.00</u>
		<u>R8 400.00</u>

Besluit: Verwys na Finansiële Kommissie. (Die finale besluit oor die begroting is geïnkorporeer in die begroting wat deur die Finansiële Kommissie voorgelê en deur die Sinode aanvaar is vir Januarie tot Junie 1997, 18.1, F 1.1 - Deputate Handeling.)

G. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE VIR GESPREK MET NG EN NH KERKE

1. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

1.1 *Werkzaamhede van die Tussenkerklike Kommissie (TKK)*

Die TKK het in November 1996 nie vergader nie, maar 'n belangrike vergadering van die Interimkomitee (dagbestuur) van die TKK het wel in November plaasgevind. Tydens hierdie vergadering is weer eens indringend aan die effektiewe funksionering van die TKK aandag gegee. 'n Gevoel bestaan dat die gereelde vergaderings van die TKK deur die program van bilaterale gesprekke benadeel word en dat die ritme van bilaterale gesprekke afgeskaal moet word ten gunste van meer gereelde en langer TKK vergaderings. Tydens hierdie vergadering het die Deputate van die GKSA 'n gespreksdokument (Die TKK op pad na 2000) ingedien waarin die werkzaamhede en besluite van die TKK sedert 1958 saamgevat is. Vir 1997 word 'n verlengde vergadering van die TKK op 18 en 19 Maart in die vorm van 'n werkwinkel beplan. Tydens hierdie vergadering sal indringend na die pad van die TKK op pad na 2000 gekyk word.

1.2 *Bilaterale gesprek met NH Kerk*

'n Bilaterale gesprek met die NH Kerk het op 23 Oktober 1996 plaasgevind. Tydens hierdie vergadering is gepoog om 'n samevattende verslag op te stel oor die ooreenkomste en verskille tussen die GKSA en die NH Kerk oor die gesag van die Belydenisskrifte en die Kerklike etos.

1.3 *Gesprek met die Afrikaanse Protestantse Kerk*

Die vyfde gesprek met die APK het op 23 Oktober 1996 plaasgevind. Daar is besluit om die punt oor KO, art.3 van die APK voorlopig eenkant te laat staan en as 'n verskil aan te teken. Die gesprek is toe voortgesit met die kommentaar van die GKSA op die ander artikels van die Kerkorde van die APK. Naas kleinere verskille het die Deputate die duidelike indruk dat die APK daarna streef om hulle Kerkorde op gereformeerde beginsels te bou.

1.4 *Besluite van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, Junie 1995*

In die Agenda van die Algemene Kerkvergadering word slegs melding gemaak van die bilaterale gesprekke wat tussen die NHKA en die GKSA plaasgevind het en watter sake bespreek is. Verder word die verskeidenheid terreine van samewerking aan die vergadering voorgehou. In die besluitebundel word slegs besluite oor die terreine van samewerking genoem.

Besluit: Kennis geneem van pte.1.1 tot 1.4.

2. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

2.1 *Voortgesette gesprek met die APK*

Die Deputate beveel aan dat die gesprek met die APK voortgesit word volgens die riglyne wat weergegee is in die Agenda:23, 2.8.3.1 - 2.8.3.5.

Besluit: Goedgekeur.

15.5 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE PARTIKULIERE SINODE NOORD-TRANSVAAL - OPDRAG DEPUTATE IN GESPREK MET ANDER AFRIKAANSE KERKE EN DEPUTATE EKUMENIESE SAKE (Artt.42, 162)

A. Dr. N.P. Heystek lig die Beskrywingspunt toe.

B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na Kommissie Ekumenisiteit II.

C. Ds. G.J. van Wyk rapporteer namens die Kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Nasionale Sinode Potchefstroom 1997 besluit om die gesprekvoering met ander Afrikaanse Kerkgemeenskappe sodanig te verander dat dit rekening hou met die verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades.

Motivering

1. By die GKSA:

Sedert die aanvang van amptelike gesprekvoering met ander Kerkgemeenskappe oor kerklike eenheid het die verhoudinge binne die Gereformeerde kerkverband dramaties verander (bv. die ontstaan van die Algemene Sinode). Dit is kerkregtelik besien 'n probleem indien die GKSA tot eenheid byvoorbeeld met die Nederduitse Gereformeerde Kerk besluit buite die Algemene Sinode van die GKSA om. Dit is 'n ewe groot probleem indien byvoorbeeld Sinodes Soutpansberg en Middellande sou besluit om een te word met die Verenigende Gereformeerde Kerke.

2. By die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika: Interne kerklike verhoudings by hulle het ook reeds dramaties verander of verhoudingsveranderinge word oorweeg.

3. Ook in ander Kerkgemeenskappe wat hierby ter sake is, is die aspek van interne kerklike verhoudings op die oomblik aan die orde.

Besluit: Daar word soos volg aan die Beskrywingspunt gevolg gegee: Dit word aan die te benoeme Deputate vir Gesprek met Binnelandse Kerke (NG, NH en AP-Kerke) opgedra om in die gesprekvoering met ander Afrikaanse kerkgemeenskappe rekening te hou met verskuiwings in kerklike verhoudings die afgelope dekades en die volgende Sinode hieroor te adviseer.

15.6 RAPPORT VAN DEPUTATE VIR KORRESPONDENSIE MET BUITELANDSE KERKE (Artt.74, 206, 242)

A. Ds. S.D. Snyman stel die Rapport.

B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Ekumenisiteit I.

C. Ds. C.S. Grobler rapporteer namens die Kommissie.

D. RAPPORT:

1. Opdrag

1.1 Tree in gesprek met Kerke wat in korrespondensie staan met die GKSA en dra namens die GKSA groete oor aan voorgenoemde Kerke wat uitnodigings rig vir afvaardiging.

1.2 Stuur die Handeling van die Sinode van die GKSA aan hierdie Kerke en vra die Handeling van die onderskeie Sinodes aan.

1.3 Bestudeer die Handeling en rapporteer aan die volgende Sinode oor sake wat vir die GKSA van belang is.

1.4 Gaan voort om uitnodigings aan Kerke waarmee die GKSA in korrespondensie staan, te rig, om die Sinodes by te woon, tot tyd en wyl besluite van die Sinode in die verband uitgevoer kan word (Acta 1991:511, 4).

1.5 Gee inligting aan die Gereformeerde Kerke in Japan deur oor die stand van die GKSA se verbintenis met die CRC en dat daar tans onderhandel word met die GKN(V) en die OPC.

1.6 Die Deputate moet, n.a.v. die besluit van die RCNZ wat a.g.v. dwaalleer en Skrifbeskouing hulle bande met die CRC opgeskort het, en n.a.v. die verwarring wat bestaan oor die CRC se bande met die GKSA dringend duidelikheid hieroor kry, met spesifieke opdrag:

1.6.1 om tog te probeer om die betrokke Acta van die CRC, te verkry;

1.6.2 om uitklaring te verkry oor die saak van vermeende dwaalleer en Skrifbeskouing;

1.6.3 om opheldering te kry oor en van gemeentes wat reeds van die CRC afgeskei het en die redes waarom hulle afgeskei het;

1.6.4 om op die volgende Sinode die GKSA te adviseer oor die voortsetting van bande met die CRC.

1.7 Om die besluit oor tug van dooplidmate (Acta 1961:120, 37(114)), asook die "Formulier om 'n afgesnyde lidmaat weer in die gemeente van Christus op te neem", in Engels te vertaal en so spoedig moontlik aan die Gereformeerde Kerke in Nieu-Seeland te stuur.

1.8 Om die skrywes van die CGKN gedateer 13 Julie 1993 en 17 Desember 1990 te beantwoord, in die lig van die besluite van die Nasionale Sinode 1994, en vorige Sinodes, en dank uit te spreek vir die bemoedigende, broederlike en welmenende wyse waarop die CGKN sy besorgdheid aan die GKSA bekend gemaak het.

1.9 die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke op om die saak op te neem met die Sinode beklemtoon opnuut die ideaal van 'n volwaardige Ekumeniese Sinode en dra dit aan kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan, met die oog op die realisering van hierdie ideaal (Acta 1994:207, 5.2.2).

Besluit: Van pte.1.1 tot 1.9 kennis geneem.

2. Verklaring van afkortings wat hierna volg

CGK = Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland
CRC = Christian Reformed Church in North America
CUCRC = Covenant Union of Christian Reformed Churches
DKBK = Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke
FCS = Free Church of Scotland
GKN = Gereformeerde Kerken in Nederland
GKN(V) = Die Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt)
GKSA = Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
IRC = Interchurch Relations Committee (van die CRC)
NGK(N) = Nederlands Gereformeerde Kerken
OPC = Orthodox Presbyterian Church (VSA)
PCK = The Presbyterian Church in Korea
RCA = Reformed Churches of Australia
RCJ = The Reformed Church in Japan
RCNZ = Reformed Churches of New Zealand
TSP = Teologiese Skool Potchefstroom

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

3.1 Algemeen:

3.1.1 'n Kopie van die Acta van die Nasionale Sinode te Potchefstroom van 1994 is deur die Administratiewe Buro aan alle Kerke met wie ons in korrespondensie staan, gestuur. Al hierdie kerke is ook per brief deur die DKBK ingelig oor bepaalde besluite wat die Sinode geneem het.

3.1.2 Die buitelandse Kerke is weer versoek om die Acta's van hulle Sinodes aan ons te stuur. Ons ontvang dit egter nie gereeld van al die kerke nie. Sake uit ontvangte Acta's wat vir ons kerke van belang kan wees, is in die dele van die Rapport wat oor die betrokke kerke gaan, verreken.

3.1.3 Buitelandse Kerke is op versoek van die Studiedeputate oor Nagmaalviering gevra om beskikbare relevante Studiestukke en Sinodebesluite aan ons deur te gee. Van enkele kerke is stukke ontvang, wat aan die Studiedeputate deurgegee is.

3.1.4 Uitnodigings na verskeie Sinodes van buitelandse Kerke is ontvang, (bv. CGK-1995; RCA-1994; RCJ-1994; RCJ-1995; RCJ-1996; RCNZ-1995). Omdat daar nie afgevaardigdes gestuur kon word nie, is daar elke keer seënwense en groete per brief gestuur.

3.2 *Christelijk Gereformeerde Kerken in Nederland:*

3.2.1 Prof. J.C. Coetzee, wat Nederland in 1994 besoek het, het op versoek van ons Sinode ook gesprek gevoer met die CGK se Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke (Acta 1994:182, 2.2.4.7; vgl. ook Bylae 7).

3.2.2 Die CGK het ons op versoek op hoogte gehou met die verloop van hulle worstelinge met die CRC. Die Rapport van hulle afgevaardigde na die CRC wat voor hulle Sinode 1995 gedien het, is bv. aan ons gestuur. Relevante inligting is verreken in die deel van hierdie Rapport wat oor die CRC handel.

3.2.3 Daar is in Februarie 1995 meelewing met die CGK betuig na die oorstromings wat dele van Nederland getref het. Hulle is egter deur Gods genade groot skade en ellende gespaar.

3.3 *Christian Reformed Church in North America:*

3.3.1 Kyk 4.6 van hierdie Rapport.

3.4 *Free Church of Scotland:*

3.4.1 Geen besondere sake het in die korrespondensie met die FCS na vore gekom nie.

3.5 *Nederlands Gereformeerde Kerken:*

3.5.1 Prof. J.C. Coetzee het as afgevaardigde die sitting van die Landelike Vergadering van die NGK(N) op 12 Maart 1994 bygewoon en namens ons kerke groete oorgedra (Acta 1994:182, 2.2.4.7; vgl. ook Bylae 7).

3.5.2 'n Enkele sin uit sy groeteboodskap wat moontlik misverstand kon wek, is per brief deur die Deputate reggestel (Bylae 25).

3.5.3 Daar is in Februarie 1995 meelewing met die NGK(N) betuig na die vloed wat dele van Nederland getref het. Ook hulle kerke en lidmate is groot skade gespaar.

3.5.4 Die NGK(N) het aan die einde van Mei 1996 verskeie stukke gestuur as antwoord op ons versoek om 'n nadere verklaring van artikels 17 en 30 van hulle *Akkoord van Kerkelyk Samenlewen*. Die DKBK het nog nie die geleentheid gehad om die stukke te oorweeg nie en sal aanvullend daarvoor rapporteer.

3.6 *The Presbyterian Church in Korea:*

3.6.1 'n Laat antwoord op die uitnodiging na die Nasionale Sinode van 1994 is ontvang, asook seënwense vir daardie vergadering.

3.6.2 Na bogenoemde brief is geen verdere korrespondensie vanaf die kant van die PCK ontvang nie. Die DKBK probeer tans uitvind of die posadres wat ons gebruik, nog korrek is.

3.7 *Reformed Churches of Australia:*

3.7.1 Kyk 4.4 van hierdie Rapport.

3.8 *The Reformed Church in Japan:*

3.8.1 Uit die uitgebreide korrespondensie wat van die RCJ ontvang is, blyk die volgende:

- a) Dat hulle in korrespondensie ("sister Church Relationship") met die OPC getree het (Bylae 6).
- b) Dat hulle in onderhandeling met die NG Kerk in Suid-Afrika getree het met die oog op "mission cooperation" (Bylae 6).
- c) Dat hulle nog nie duidelik standpunt ingeneem het oor die kwessie van vroue in die amp van ouderling of predikant nie (Bylae 6).
- d) Dat hulle sedert 1994 by wyse van proefneming 'n Psalmbundel van 36 Geneefse Psalms, wat in Japanees vertaal is, gebruik (Bylae 48).
- e) Dat daar beplan is om by hulle 1996-Sinode, wanneer hulle die 50-jarige bestaan van hulle kerke vier, twee nuwe "deklarasies" te aanvaar, nl. oor die leer van predestinasie en oor die kerk se sending-/evangeliseringstaak. Die DKBK poog om kopieë van die verklarings te bekom (Bylae 73A).

3.8.2 Die RCJ is ingelig dat ons Sinode van 1994 kennis daarvan geneem het dat hulle ons nie elke keer in die saak gaan ken wanneer hulle veranderinge aan hulle Kerkorde aanbring nie, en dat ons Sinode dit dus nie as 'n verhindering vir die voortsetting van korrespondensie beskou het nie.

3.8.3 Na die aardbewings wat Kobe, waar hulle Teologiese Seminarie gevestig is, in Januarie 1995 getref is, is daar telefonies en skriftelik meegeleef en navraag gedoen oor die omvang van die skade. Uit volledige gegewens wat ontvang is, blyk dit dat daar omvangryke skade ook aan die Seminarie en aan kerkgeboue en huise van gelowiges was. Die inligting is deurgegee aan die Deputate vir Noodtoestande.

3.8.4 Die RCJ is ingelig oor die stand van ons bande met die CRC en oor die gesprekke wat die GKSA met die GNK(V) en die OPC voer.

3.9 *Reformed Churches of New Zealand:*

3.9.1 'n Vertaalde weergawe van die 1961-Sinodebesluit oor die tug oor dooplidmate asook van die "Formulier om 'n afgesnyde lidmaat weer in die gemeente van Christus op te neem" is aan die RCNZ gestuur.

3.9.2 Die RCNZ het by hulle 1995-Sinode die wens uitgespreek dat kontak tussen ons kerke mag intensiveer. Daar is ook kennis geneem van talle Suid-Afrikaanse immigrante wat Nieu-Seeland binnekom. Die RCNZ is gewys op die moontlike oor-en-weer beroeping van predikante as 'n manier van intensiewer kontak, asook op die feit dat die TSP nou ook predikante in Engels oplei. Inligting oor die RCNZ wat besoekers of immigrante kan help om by die RCNZ in te skakel, is aan *Die Kerkblad* vir publikasie gestuur.

3.9.3 Uit Rapporte en Beskrywingspunte wat voor die 1995-Sinode van die RCNZ gedien het, blyk dit dat daar by baie in die RCNZ

ernstige kommer is oor skynbare Neo-Pentekostalistiese tipe invloede in die RCA en by hulle Teologiese Skool. Dit handel oor standpunte binne die RCA oor die vrou in die amp, sekere besluite van die RCA oor Woord en Gees, en afwykings van die Gereformeerde liturgie en aanbiddingspraktyk. Alhoewel die Deputate van die RCA by hierdie Sinode gemeld het dat die betrokke sake na hulle oordeel in die RCNZ oorspeel word, het die RCNZ tog besluit om met groot hartseer en kommer te verklaar dat die bande tussen hulle en die RCA a.g.v. hierdie sake onder druk gekom het (vgl. RCNZ Acta 1995).

3.10 *Insake moontlike Ekumeniese Sinodes:*

3.10.1 Alle kerke met wie ons in korrespondensie staan, is per brief ingelig oor ons oortuiging en voorneme om te probeer om volwaardige internasionale Sinodes tot stand te bring. Hulle is versoek om ons daarvoor te adviseer en te laat weet of hulle belangstel.

3.10.2 Van die volgende kerke is reaksie ontvang: CGK, CRC, FCS en RCJ. Enkele kerke (NGK(N) en RCNZ) het egter nie die betrokke brief ontvang nie en kopieë is eers in 1996 aan hulle gestuur. Van die PCK en die RCA is nog geen reaksie ontvang nie.

Besluit: Kennis geneem van pte.3.1 tot 3.10.

4. Sake waaroor die Sinode moet besluit

4.1 Die Sinode spreek hom daarvoor uit in watter mate en op watter manier daar met buitelandse Kerke rugspraak gehou behoort te word voordat veranderinge aan ons liturgie en/of Kerkorde aangebring sal word, aangesien dit sake is wat by die aangaan van korrespondensie tussen kerke in berekening gebring word.

Aanbeveling: Die Agenda van die Sinode word by verskyning aan Kerke met wie ons in Korrespondensie staan betyds gestuur sodat hulle daarop kan reageer indien nodig. Die taalprobleem in hierdie verband word na die te benoeme Deputate verwys.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling.)

4.2 Die Sinode verbind ons kerke opnuut daartoe om eers kerke met wie ons in korrespondensie staan, in die saak te ken voordat bande met ander kerke aangeknop word, aangesien dit deel van ons verbintenis is wanneer ons met kerke in korrespondensie tree.

Aanbeveling: Kerke met wie ons in korrespondensie staan, moet die Agenda van die Sinode betyds ontvang, sodat hulle insette kan lewer wanneer die Sinode korrespondensie met ander kerke oorweeg. Kerke met wie ons in korrespondensie staan moet spoedig en deeglik ingelig word wanneer die GKSA wel met 'n ander kerk in korrespondensie getree het.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling.)

4.3 Die skrywes van die CGK van 17 Desember 1990 en 13 Julie 1993 oor die wyse waarop ons kerke die eenheid en verskeidenheid hanteer, is aan die Deputate vir Korrespondensie met ander Nasionale Sinodes deurgestuur met die versoek dat hulle die eksegetiese en ander insette in die briewe in hulle oorwegings en gesprekke sal verreken. Die CGK is daarvoor ingelig, asook oor die besluite wat die Nasionale Sinode van 1994 in hierdie verband geneem het - met besondere waardering vir die gees waarin hulle oor hierdie sake met ons korrespondeer.

Aanbeveling: Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 Na aanleiding van die probleme wat die RCNZ met tendense in die RCA ondervind (vgl. 3.9.3 van hierdie Rapport), het die DKBK besluit om aan die RCA te skryf om broederlik navraag te doen oor die sake wat die RCNZ kwel. Een rede waarom ons nie self daarvan kennis geneem het nie, is omdat daar nie 'n Acta van die RCA-Sinode ontvang is nie.

Aanbeveling: Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur. 'n Skrywe is van die RCA ontvang waarin hulle verduidelik dat die kwellinge van RCNZ ongegrond is.

4.5 Nadat verneem is dat prof. C.J.H. Venter Japan en Korea DV in Oktober 1996 besoek, is hy versoek om kontak met die Kerke met wie ons daar in korrespondensie staan, te maak, en relevante inligting te probeer bekom, bv. die huidige korrespondensie-adres van die PCK en die "Deklarasies" wat die RCJ by hulle afgelope Sinode aanvaar het.

Aanbeveling: Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Oor Christian Reformed Church:*

4.6.1 Na aanleiding van die opdragte oor die CRC (vgl. 1.6 van hierdie Rapport) is uitgebreide korrespondensie hieroor gevoer. Inligting is vanaf verskeie oorde ingesamel, nl. vanaf die CRC self, vanaf die sg. Interclassical Conference naby Chicago van November 1995, asook vanaf die CGK en uit die Acta van die RCNZ.

Aanbeveling:

4.6.1.1 Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.2 Prof. A. le R. du Plooy het gedurende Mei-Junie 1996 besoek gebring aan Akademiese Inrigtings wat aan die CRC verwant is. Omdat korrespondensie 'n moeisame metode van inligting inwin is, het die DKBK hom versoek om soveel as moontlik inligting oor die sake waarvoor ons met die CRC korrespondensie voer, van alle betrokkenes te probeer verkry. Die CRC sowel as medewerkers aan

die te stigte CUCRC is versoek om onderhoude met hom te voer, en hy is ook van die nodige kredensiebriewe voorsien.

Aanbeveling:

4.6.2.1 Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.3 Die CRC het moeite gedoen om in te gaan op sekere van die probleme wat ons kerke met hulle optrede het. Uit die briewe wat van hulle ontvang is, blyk die volgende:

a) Hulle wil dit so gesien hê dat die bande tussen die CRC en die GKSA nie finaal verbreek is nie (Bylae 18:2-6). Hulle optrede teen ons Kerke word deur hulle gesien as 'n analogie van die skorsing van ampsdraers in die Kerkorde (Bylae 55:14-15, 18-22). Hulle erken egter 'n mate van dubbelsinnigheid in hulle kommunikasie hieroor en dat hulle die saak in sekere opsigte anders kon benader het (Bylae 55:21, 22, 23).

b) Hulle verklaar dat hulle die bande graag herstel wil sien (Bylae 18:1, 10; Bylae 55:3). Op 'n stadium is selfs navraag gedoen oor die moontlikheid van 'n ontmoeting met 'n afvaardiging van die CRC in Suid-Afrika.

c) Ons standpunte of gebrek aan bepaalde standpunte oor apartheid is vir hulle die rede waarom hulle die bande met ons opgeskort het (Bylae 18:2). In hierdie verband verklaar hulle: "There is a significant and fundamental difference between us on this crucial point" (Bylae 55:8).

d) Hulle van ons verwag het om uit te brei op ons besluit van 1991 oor die ideologie van apartheid (Bylae 55:7-8). Hulle verwag nog steeds van ons "to demonstrate from your race relations resolutions that the RCSA has repudiated its earlier unmistakable endorsement of apartheid" (Bylae 55:9). Daar word selfs gesinspeel op 'n vorm van skuldbelydenis (Bylae 55:15-16).

e) Daar ook kleiner sake is wat na hulle oordeel bygedra het tot "the breakdown of our dialogue" (Bylae 18:8-9), en dat hulle van die probleme beleef het as 'n bewys dat ons nie genoeg erns maak met die saak waaroor hulle met ons in dispuut was nie (Bylae 55:4-6).

f) Die 1992-Sinode van die RCNZ nie die bande met die CRC verbreek het nie (Bylae 18:9-10).

g) Daar kom wel op 'n beperkte skaal onrus en afskeiding en skeurings in die CRC voor, veral oor die kwessie van vrou in die ampte van ouderling en diaken (Bylae 18:10). Hulle is egter nie geneë om nou in diskussie daaroor te tree of inligting oor afgeskeidenes aan ons deur te gee nie (Bylae 55:25).

h) Hulle Sinodes ry al verskeie jare wipplank oor die kwessie van vroue in die ampte van ouderling en diaken (Bylae 18:10).

Aanbevelings:

4.6.3.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.3.2 Die Sinode betuig waardering vir die CRC se moeite met die korrespondensie.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.4 In die briewe wat ons aan hulle geskryf het, is o.a. die volgende sake gestel:

a) Ons het deur hulle dubbelsinnige optrede rakende die opskorting van bande nie duidelikheid oor waar ons met hulle staan nie (Bylae 10:1).

b) Ons wil graag van hulle inligting hê oor die onrus in hulle kerke (Bylae 10:1-2; Bylae 26:2; Bylae 69:2-3), en dat ons ook inligting by die RCNZ en die CGK vra oor hulle evaluering van die probleme in die CRC (Bylae 26:2). Pertinente vrae oor spesifieke standpunte van die CRC is uiteindelik gestel (Bylae 69:3).

c) Ons maak verskoning vir moontlike aandadigheid aan misverstande wat tot die spanning tussen ons kerke meegehelp het (Bylae 26:1).

d) Ons kan as Deputate nie uitbrei op of verander aan besluite van Sinodes nie, maar dit slegs deurgee en moontlike misverstaan daarvan kan help opklaar (Bylae 26:1).

e) Rakende die kwessie van apartheid is gestel:

- Die hele saak nie van ons kant af dieselfde belemmerde rol in die verhouding speel nie (Bylae 26:2); wat wel pla, is hulle hantering van die saak (Bylae 26:2);

- Ons is van oordeel dat die Sinodebesluit van 1991 oor die ideologie van apartheid in wese in lyn is met besluite van vorige Sinodes (Bylae 26:1);

- Hulle veroordeel ons o.a. op grond van herroepte of veranderde besluite (Bylae 69:2-3);

- 'n Grondliggende verskil kan hier die interpretasie en implementering van KO, art.28 wees (Bylae 69:1);

- Ons vind dit jammer dat hulle ons goeie trou in hierdie verband betwyfel (Bylae 69:2).

f) Ons dring aan op 'n volledige antwoord op die sake wat in vorige korrespondensie duidelik as kwellinge vanaf ons kant aangedui is (Bylae 26:2), en dat 'n ontmoeting met 'n afvaardiging van hulle kerke nie oorweeg kan word voordat hierdie antwoord ontvang en bestudeer is nie (Bylae 39:1).

g) Die verskil tussen die GKSA en die CRC in die praktiese funksionering van KO, art.49 is 'n belangrike verskilpunt en het waarskynlik tot verkeerde persepsies by hulle aanleiding gegee (Bylae 69:1).

Aanbeveling:

4.6.4.1 Goedgekeur.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.5 Uit die stukke wat van die Interclassical Conference ontvang is, blyk die volgende:

a) Die Konferensie het bestaan uit afgevaardigde ampsdraers uit 110 kerke (Bylae 77).

b) Die Konferensie is gereël na aanleiding van die besluite van die 1995-Sinode van die CRC oor vroue in die amp en oor die handhawing van bande met die GKN ondanks hulle onbybelse standpunt oor homoseksualisme (Bylae 77).

c) Daar is gehoop om met die Konferensie die volgende te bereik: "First that it could help individuals and councils address those decisions of Synod 1995 in a proper church orderly way. And second, should synod not respond to these overtures, we hoped to discuss ways that would allow conservatives to remain together - hopefully within the CRC in such a way that our consciences would not be violated and in such a way that we might preserve for our children the CRC heritage that we so much love" (Bylae 77).

Daar is uiteindelik besluit om die Sinode van 1996 tot berou op te roep oor die gewraakte besluite, en kerkrade en klassisse is aangespoor om self ook beskrywingspunte hieroor te formuleer. Daar is ook besluit om 'n "Covenant Union of Christian Reformed Churches" te vorm, met die doel "to return the Christian Reformed denomination to its historical biblical positions regarding important denominational issues". Die volgende is aanvaar as 'n "provisional doctrinal statement" vir die CUCRC:

"It is the conviction of the CUCRC that:

1. the character of our Triune God - for example, sovereign, immutable, holy, just, yet merciful and loving - must shape the faith and life of the church;
2. the Scriptures are the infallible, inerrant, authoritative, perspicuous Word of God;
3. the Ecumenical Creeds and the Reformed confessions are a faithful and accurate statement of the Bible's teaching;
4. Reformed churches must preach and teach the whole counsel of God as taught in both the Old and New Testaments, seeking to make and nurture disciples for Jesus Christ;
5. we are dedicated to living out the three marks of the true church: maintaining the centrality of the preaching of the Word as the primary means of grace, administering the sacraments faithfully, and using discipline to uphold the purity of the church and restore sinners;
6. we must maintain the use of our historic Form of Subscription for officebearers;
7. Reformed churches are called to be connected to and accountable to one another according to the biblical principles of our Church Order;

8. Reformed churches must not have ecclesiastical fellowship with denominations that deviate seriously from Scripture either in doctrine or in life;

9. women are prohibited by the Scripture from being ordained to the ecclesiastical offices with spiritual authority;

10. that sexual behaviour outside of marriage - and marriage is defined as a faithful, covenantal relationship between a man and a woman - is not in accord with God's will for our lives;

11. we must preserve the biblical practice of using masculine titles and pronouns in references to the persons of the Trinity;

12. we must live out our covenant and Kingdom responsibilities by preserving for and passing to the coming generations our historic Reformed commitments in doctrine, life, worship, and missions (such as maintaining two services on the Lord's Day, catechism preaching, and requiring a credible profession of faith before coming to the Lord's table)" (Bylae 77).

e) Daar is ook besluit dat indien die CRC-Sinode van 1996 nie ag gee op die oproep tot bekering nie, die Konferensie weer byeengeroep sal word om die vorming van 'n nuwe kerkverband te oorweeg.

f) Daar is ook 'n "Alliance of Reformed Churches". Dit is 'n ander groep van oud-CRC-lidmate wat werk in die rigting van 'n nuwe kerkverband. 'n Kontakadres is deurgegee, en die DKBK het aan hulle ook geskryf om inligting. Na beraming het die CRC die afgelope vier jaar ongeveer 24 600 lidmate verloor. Ongeveer 12 000 is by bg. "Alliance", 4 000 is in die "Christian Presbyterian Church" en 1 100 in die "Orthodox CRC".

Aanbevelings:

4.6.5.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem..

4.6.5.2 Die DKBK moet poog om kontak met die CUCRC en die "Alliance of Reformed Churches" te behou.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.6 In die Deputaterapport wat vanaf die CGK ontvang is, word die volgende gestel:

a) Daar het in die CRC 'n moderne, ongereformeerde gees, wat na vore kom in 'n nuwe hermeneutiek en benadering van die Skrif, die oorhand gekry (Bylae 54).

b) Die CRC neem 'n matiger houding as vroeër teenoor die GKN in (Bylae 54:2).

c) Die Deputate van die CGK voel aan dat die CRC met dubbele maatstawwe meet deur bande met die GKN te onderhou ten spyte van sekere probleme, maar bande met die GKSA opgeskort hou (Bylae 54:2).

d) Die CRC het in effek besluit dat dit Skriftuurlik verantwoord kan word dat vroue in die ampte van ouderling en predikant dien. Ook oor kinders aan die Nagmaal en die tweede erediens is kontroversiële besluite geneem (Bylae 54:6-8).

Aanbevelings:

4.6.6.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.6.2 Die Sinode betuig waardering vir die inligting wat die CGK verskaf het.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.7 Uit die Acta van die RCNZ se Sinode van 1995 blyk die volgende:

a) Die Interchurch Relations Committee van die RCNZ neem waar dat die CRC voortgaan op 'n pad van "accommodation of Scripture to modern science, teaching of evolution, anti-confessional views held and taught by some ministers (e.g. Rev. H. Boer's denial of election and reprobation, Howard van Til's defective views of Scripture as evidenced in 'The Fourth Day') and full ecclesiastical relations with seriously defective churches (GKN) and ecumenical bodies (WCC)". Daar word ook verwys na die redakteur van "The Banner" se verwerping van "inerrancy" in een van sy redaksionele artikels (Acta 1995:4-59, e.v.).

b) Die RCNZ het besluit om formele bande met die CRC op te skort ("suspend") (RCNZ Acta 1995:1-19, 96.4). Dit kom egter voor asof daar nog 'n vorm van gesprekvoering met die CRC voortgaan (RCNZ Acta 1995:1-19, 100).

Aanbeveling:

4.6.7.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.8 Uit die Rapport van prof. A. le R. du Plooy oor sy gesprekke met lede van die CRC, met lede van die IRC en met van verontrustes gehou het, blyk die volgende:

a) Daar bestaan buitengewone en ernstige spanninge in die geledere van die CRC; dit handel oor kwessies soos bv. die Skrifbeskouing van sommige soos dit veral na vore kom in die kwessie oor vroue in besondere ampte, die voortsetting van bande met die GKN, die verbreking van bande met die CRC deur die CGK, die invloed van die GKN op die CRC veral t.o.v. die GKN se teologiese aanvaarding van homoseksualisme, die opskorting van bande met die GKSA terwyl bande met die GKN onderhou word, die toelating van dooplidmate (kinders) aan die Nagmaal nadat enkele vrae aan hulle gestel is, opsionaliteit van die tweede erediens op Sondag, aanvaarding van uiteenlopende aksente in die verskillende gemeentes, en die onordelike hantering en/of ignorering van kerkordelike bepalings en staande besluite van sinodes.

b) Die CUCRC-groep het alreeds 'n eie blad "The Outlook" en het 'n "ultimatum" aan die 1996-Sinode van die CRC gerig, o.a. oor die besluit rakende vroue in die besondere ampte.

c) Die meerderheid kerke - hoewel bewus van die erns van die interne spanninge - meen dat die minderheid ontevredenes onnodige oorreaksie toon, terwyl die ontevredenes ook onder mekaar bepaalde verskille het.

d) Die IRC is van voorneme om by die 1996-Sinode van die CRC aan te beveel dat die bande met die GKSA herstel word, en dat hulle van mening is dat die CRC steeds getrou die Drie Formuliere van Eenheid handhaaf en wil handhaaf.

e) Dit het blykbaar aanvaarde praktyk geword dat elke gemeente sy eie aksente mag lê, bv. oor die inrigting van die erediens, die liturgie, prediking, meer of minder tradisioneel of modern wees, ens.

f) Daar in die CRC self redelike wye ontevredenheid is oor die voortsetting van die bande met die GKN - 'n besluit wat waarskynlik grotendeels om historiese en emosionele redes geneem is.

Aanbevelings:

4.6.8.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.8.2 Dat die Sinode prof. A. le R. du Plooy bedank vir die talle gesprekke wat hy gevoer het en vir die Rapport wat hy daarvoor opgestel het.

Besluit: Goedgekeur.

4.6.9 Die CRC het al die Agendas en Acta's van hulle Sinodes sedert 1989 aan ons gestuur. Die stukke lewer egter nie baie relevante materiaal oor die woelinge in hulle kerke nie, aangesien 'n groot deel van die worstelinge oor standpunte en optredes gaan wat nie in die sakelyste van Sinodes gereflekteer word nie.

Aanbeveling:

4.6.9.1 Kennis geneem.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.10 Die DKBK het geoordeel dat ons kerke "tegnies" nog met alle kerke van die CRC - die wat "binne verband" leef en die wat reeds afgeskei is - korrespondensie onderhou. Totdat 'n oordeel oor die sake in geding uitgespreek is, verval ons bande met kerke wat hulle van die CRC afskei, dus nie outomaties nie.

Aanbeveling:

4.6.10.1 Goedgekeur.

Besluit: Nie aanvaar nie.

4.6.11 Dit is duidelik dat die worstelinge in die Gereformeerde Kerke wêreldwyd al hoe meer op die terrein van die Skrifgesag en Skrifgebruik beweeg. Om die ontwikkelinge en probleme wat hierby opduik, te kan evalueer, het ons kerke duidelike hermeneutiese uitgangspunte nodig.

Aanbeveling:

4.6.11.1 Die Sinode stel hermeneutiese riglyne vas waarvolgens standpunte van buitelandse Kerke oor Skrifgesag en Skrifgebruik geëvalueer kan word.

Besluit: Nie aanvaar nie.

Motivering: Standpunte van kerke oor Skrifgesag en Skrifgebruik moet geëvalueer word aan die hand van die akkoord van kerklike gemeenskap nl. die Belydenis.

4.7 Ons kerke moet ons deeglik vergewis van liturgiese gebruike van buitelandse Kerke voordat ons met hulle in korrespondensie tree. Die liturgie is immers onlosmaaklik verbonde aan die Belydenis van 'n kerk.

Aanbeveling:

Dat die Deputate vir Ekumeniese Sake opdrag kry om die liturgiese beginsels van die betrokke kerke deeglik te oorweeg voordat die aangaan van korrespondensie met buitelandse Kerke aanbeveel word.

Besluit: Goedgekeur nadat “liturgie” vervang is met “liturgiese beginsels”. **Motivering:** Die akkoord van kerklike gemeenskap is die Belydenis en die Belydenis handel nie oor liturgiese gebruike nie maar oor liturgiese beginsels.

4.8 Omdat skriftelike kontak alleen soms langsaam verloop, behoort predikante of ander broeders wat oorsee gaan, versoek te word om kontak te maak met kerke met wie ons korrespondensie onderhou - en nie net wanneer hulle Sinodes hou nie.

Aanbeveling:

Die DKBK kry opdrag om - waar moontlik - predikante of ander broeders wat oorsee gaan, te vra om kontak te maak met kerke met wie ons in korrespondensie staan.

Besluit: Goedgekeur.

5. Aanwysing van Deputate

5.1 Aanbevelings:

5.1.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir korrespondensie met buitelandse Kerke.

Besluit: Goedgekeur.

5.1.2 Hierdie Deputate kry opdrag om:

- a) Te korrespondeer met Kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan
- b) Namens die GKSA groete oor te dra aan sulke Kerke wat uitnodigings rig vir afvaardiging
- c) Die Handeling van hierdie Sinode en inligting oor besluite wat vir hulle relevant is, aan hierdie kerke te stuur

- d) Die Handeling van hulle Sinodes aan te vra en te bestudeer met die oog op sake wat vir die GKSA van belang is
- e) Voort te gaan om hierdie kerke na hierdie Sinodes uit te nooi, tot tyd en wyl die besluite van die Sinode van 1991 in hierdie verband uitgevoer kan word (vgl. Acta 1991:511, 4).

Besluit: Goedgekeur.

5.1.3 Die volgende opdrag word gekontinueer: die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke op om die saak op te neem met die Sinode beklemtoon opnuut die ideaal van 'n volwaardige Ekumeniese Sinode en dra dit aan kerke met wie die GKSA in korrespondensie staan, met die oog op die realisering van hierdie ideaal (Acta 1994:207, 5.2.2).

5.1.4 Vergelyk verder die opdragte aan die te benoeme Deputate in verband met die CRC hieronder (2.1.6).

5.1.5 Die Sinode wys alle Deputategroepe daarop dat alle korrespondensie met buitelandse kerke deur die DKBK moet gaan.

E. AANVULLENDE RAPPORT DEPUTATE KORRESPONDENSIE MET BUITELANDSE KERKE

1. Sake waarvan die Sinode kennis kan neem

1.1 Alle buitelandse Kerke met wie ons Kerke onbelemmerde korrespondensie het, is na die Nasionale Sinode (Potchefstroom) van Januarie 1997 uitgenooi. Tot op datum het die CGK en die NGK(N) laat blyk dat hulle beplan om afgevaardigdes te stuur.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling:

1.1.1 Die afgevaardigdes van buitelandse Kerke, wat die Sinode bywoon, kry die geleentheid om hulle groete mondelings oor te dra.

Motivering: Die moeite en koste wat hierdie Kerke aangaan vir die verstewiging van bande, regverdig so 'n reëling.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 Nog geen verdere reaksie op die skrywes oor moontlike Ekumeniese Sinodes is ontvang nie (vgl. 3.10 van die eerste Rapport). Al die kerke wat geantwoord het, het in wisselende grade negatief op die gedagte gereageer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

2.1 Die CRC

2.1.1 Die CRC is nie saam met die ander kerke na die Sinode van 1997 genooi nie, aanvanklik omdat hulle self destyds aangedui het dat die opskorting van bande beteken dat daar nie afgevaardigdes na mekaar se Sinodes toe gestuur kan word nie.

2.1.2 Die CRC het egter tydens hulle 1996-Sinode die opskorting van bande met ons herroep. Daarmee herstel hulle - van hulle kant

gesien - volle kerklike gemeenskap met ons. Uit die rapport van die IRC (Acta 1996:385-6) blyk onder andere die volgende as hulle oordeel:

- a. Die apartheidskwessie is opgelos deur die politieke veranderinge in Suid-Afrika.
- b. 'n Versoeningsproses binne die familie van kerke wat die GKSA saamstel, is voldoende op dreef (bv. samesmelting van Teologiese Skole, opname van kerke van Sinode Suidland in die kringe van Sinode Potchefstroom, en die gesprekke oor kerklike bande met Sinodes Middellande en Soutpansberg).
- c. Die voorwaardes wat hulle Sinode van 1989 gestel het vir die opheffing van die opskorting van bande, is of nie meer van genoeg belang om bande opgeskort te hou nie, of - waar nog van toepassing - voldoen die GKSA daaraan.

Die besluit van die CRC - met motivering - lui soos volg:

"1. That the suspension of CRCNA ecclesiastical fellowship with the RCSA be lifted and all provisions of such fellowship be reinstated.

Grounds:

- a. The issue of apartheid, which led to the CRC suspension of ecclesiastical fellowship with the RCSA, is not because of political changes in South Africa and is therefore no longer a valid basis to continue the suspension.
 - b. The RCSA in their position, attitude, and practice are pursuing racial reconciliation within the family of churches (IRC Supplement, p.386, V, b, 1-7).
 - c. Lifting the suspension will demonstrate CRCNA commitment to its ecumenical responsibility and its strong desire to maintain ecclesiastical fellowship with the RCSA.
 - d. By lifting the suspension, the CRCNA creates a more positive climate in which to grow in our ecumenical relationships.
2. That synod express its joy and thanksgiving that God in his providence has created the conditions in which ecclesiastical fellowship between the CRCNA and the RCSA can be restored".

2.1.3 In 'n opvolgbrief het die CRC laat blyk dat hulle 'n "fraternal delegate" na ons Sinode van 1997 wil stuur.

2.1.4 Die DKBK was in die lig van die onverwagse ontwikkeling nie seker hoe ons kerke teenoor hulle staan nie. Die volgende het bygedra tot die onsekerheid:

- a. Die skielike ommeswaai van hulle kant nadat ons nog in 1995 ontvang het 'n 26-bladsye brief van hulle vol regverdiging vir hulle opskorting van bande.
- b. Daar is van ons kerke se kant vrae oor kommerwekkende ontwikkelinge in die CRC gestel wat nog glad nie deur hulle beantwoord is nie (vgl. ons brief gedateer 20 Januarie 1996:3).

c. Die onduidelikheid by Sinode 1994 of ons nog van ons kant af met hulle in korrespondensie staan (vgl. Acta 1994:187, 3.4 wat die CRC uitsluit en Acta 1994:188, 4.6.3.4).

2.1.5 Die DKBK het in die lig van bogenoemde geoordeel dat ons - voordat 'n Sinode hom uitgespreek het oor die status van die bande van ons kerke se kant af gesien - nie die reg het om lede van die CRC as "fraternal delegates" na 'n Sinode te nooi nie.

2.1.6 Die DKBK kan nie 'n aanbeveling maak oor die voortsetting van bande van ons kant af met die CRC nie. Daarvoor is daar te veel ongeëvalueerde inligting (vgl. 4.6.11 van Eerste Rapport (Agenda:33), die talle stukke oor en van afgeskeie en ontevrede groepe wat eers onlangs ontvang is; die Acta van die CRC se 1996-Sinode wat eers 28 Oktober 1996 ontvang is), en is ons kennis van die situasie in die CRC nog nie volledig genoeg nie.

Besluit: Kennis geneem van pte.2.1.1 tot 2.1.6.

(Uit die Kommissierapport is die volgende opmerkings en opdragte deur die Sinode goedgekeur - soos gewysig - Deputate Handeling):

Opmerkings:

i. Die Sinode neem met dank kennis dat die CRC die suspensie opgehef het, en dat daarmee korrespondensie formeel herstel is en sien daarna uit dat die korrespondensie in sy volheid beleef sal word.

ii. Die Sinode neem met dank kennis dat die CRC 'n "fraternal delegate" wou stuur.

iii. Die Sinode het begrip dat daar by die deputate twyfel was oor wat hulle met die aanbod moes doen maar vind dit jammer dat die omstandighede so was dat die broeders nie amptelik as deputate uitgenooi kon word nie.

Opdragte:

a. Die te benoeme deputate kry opdrag -

i. om in ooreenstemming met onlangse korrespondensie tussen die deputate en die CRC die korrespondensie voort te sit.

ii. om al die onopgeloste vrae en aanverwante sake met die CRC te bespreek, by die volgende Sinode volledig daarvoor te rapporteer en die volgende Sinode te adviseer, om op hierdie manier die hele aangeleentheid van kerklike korrespondensie tussen CRC en die GKSA grondig te ondersoek en die volgende Sinode van advies te bedien.

b. die Sinode besluit om die eersvolgende Sinode van die CRC uit te nooi om deputate/afgevaardigdes na Suid-Afrika te stuur om met die DKBK van die GKSA gesprek te voer.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig (wysiging reeds aangebring - Deputate Handeling.) Die hele besluit rakende die CRC moet deur die te benoeme DKBK aan dié kerke deurgegee word.

2.1.7 Aanbevelings:

2.1.7.1 Die Sinode neem kennis van 2.1.1 - 2.1.4 en 2.1.6.

Besluit: Goedgekeur.

2.1.7.2 Die Sinode keur die optrede van die DKBK (in 2.1.5 genoem) goed.

Besluit: Nie aanvaar nie. Vergelyk besluit hierbo geneem ten opsigte van CRC.

2.1.7.3 Die Sinode spreek hom duidelik uit oor die vraag of die opheffing van ons "skorsing" deur die CRC beteken dat ons tans in onbelemmerde korrespondensie met hulle staan.

Besluit: Die Sinode besluit soos volg: Die opheffing van suspensering beteken dat die korrespondensie formeel herstel is.

2.1.8 Uit die korrespondensie met die groep in die CRC wat die stigting van 'n "Covenant Union" oorweeg, is daar kennis geneem van die bestaan van die "Alliance of Reformed Churches" en van die "Christian Presbyterian Church" en die "Orthodox CRC" in Amerika (vgl. Agenda:30, 4.6.5.f). Daar is - na aanleiding van 'n skrywe aan hulle - inligting ontvang vanaf die "Alliance of Reformed Churches", kerke wat van die CRC afgeskei het veral as gevolg van die Skrifbeskouing wat hulle in die CRC waarneem.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings:

2.1.8.1 Die Sinode onderhou kontak met hierdie kerke ten minste totdat 'n oordeel oor die sake in geding in die CRC gevel is.

Besluit: Goedgekeur.

2.8.1.2 Die Sinode gee Deputate vir Ekumeniese Sake opdrag om kontak met hierdie kerke op te neem met die oog op moontlike nouer bande.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Die NGK(N)*

2.2.1 Van die NGK(N) is 'n omvattende antwoord op ons kommer oor sekere artikels van hulle Akkoord van Kerkelyk Samenlewen (AKS) ontvang.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings:

2.2.1.1 Die Sinode neem met waardering kennis van die ernstige aandag wat die NGK(N) aan ons vrae en kommer gegee het.

Besluit: Goedgekeur.

2.2.1.2 Die Sinode oordeel of hierdie antwoord voldoende is.

Besluit: Die Sinode oordeel dat die wysigings en aanvullings wat die Landelike Vergadering aangebring het in artikel 17 van hulle KO en hulle Bevestigingsformulier van predikante, die vrae die kant van die GKSA voldoende beantwoord.

2.2.2 Die NGK(N) het ook kennis gegee van 'n besluit wat hulle geneem het oor die toelating van vroue tot die diakenamp.

Aanbeveling:

2.2.2.1 Die Sinode gee aandag aan hierdie besluit in die lig van ons kerke se besluite oor hierdie saak.

Besluit: Hierdie punt word verwys na die Studiedeputate oor die Vrou in die amp.

2.3 Die Rapporte van Studiedeputate oor Hersiening van die Liturgie en van Nagmaalsviering moes - volgens ooreenkoms - aan alle kerke met wie ons in korrespondensie staan, gestuur word. As gevolg van 'n gebrek aan vertalingsfasiliteite of fondse vir vertaling vir 'n werk van hierdie omvang, is die Rapporte slegs aan die CGK en die NGK(N) gestuur.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings:

2.3.1 Die Sinode keur bogenoemde optrede van die DKBK goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.3.2 Die Sinode oordeel of en hoe die ander buitelandse kerke met wie ons in korrespondensie staan, in hierdie sake geken moet word.

Besluit: Dit word gedoen deur die Acta van die Sinode te stuur.

2.4 Die DKBK sal korrespondensie wat na afhandeling van hierdie Rapport ontvang is, aan die Sinode deurgee.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling:

2.4.1 Die Sinode gee aandag aan dringende korrespondensie - indien enige.

Besluit: Korrespondensie is deur die Kommissie afgehandel.